CACHET APTEEK
U Plus Apteek
TOMSTRAAT 92
Tel. 4201
Groot genoeg om u te dien, klein genoeg om u te ken

die WAPAD
IN U LIG SIEN ONS DIE LIG
AMPTELIKE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. vir C.H.O.
JAARGANG XXXIII NOMMER 4 17 MAART 1978

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies en sportbenodigdhede:
Johan Claassen Broers

# RHODES DINAMIES

## • *SUID-AFRIKAANSE STUDENTEPOLITIEK*

**Die beginselverklaring van gematigde studenteleiers van die Universiteite van Rhodes en Natal is 'n dramatiese nuwe wending in die Suid-Afrikaanse studentepolitiek.**

Studentepolitiek op die Engelse kampusse is lank reeds deur linkses oorheers en hierdie verklaring probeer die wanbalans verbeter.

Mnr Rob Maguiere, die Onder-Voorsitter van die Pietermaritzburg SR en Voorsitter van die „Moderate Thinkers Association," is een van die leiers van die nuwe beweging. Hy sê studentepolitiek is meermale afbrekend en ver van die gemiddelde student verwyder. „Dynamic patriotism" bied 'n opbouende stel beginsels waarmee die meerderheid van Suid-Afrika se studente hul kan vereenselwig.

Die Studenteleiers wat hierby betrokke is, is Mnr Izak Smuts en mej Sue Lipworth, onderskeidelik Voorsitter en Ondervoorsitster van Rhodes se SR.

Ook op ander kampusse wek dit belangstelling by studenteleiers. Mnr Peter Wentzel, gewilde lid van die SR van Wits, het die evolusionêre beginsels soos dit in die program van „Dynamic Patriotism" onderskryf word, gesteun.

Die verklaring lui as volg:

• Ons, studente in die RSA, erken die behoefte aan 'n rasionele en opbouende beginselverklaring om gematigde studente saam te bind en neem die volgende beginsels aan:

• Godsdiensvryheid en handhawing van kulturele identiteit is basiese regte. Diskriminasie op grond van Godsdiens, ras, kultuur of geslag word verwerp.

• Die oproep om onmiddelike stemreg vir alle volwassenes word nie beskou as die werklike oplossing van die land se probleme nie. Die probleme word van primêr maatskaplike en ekonomiese aard beskou.

• Die „Rule of Law" word beskou as 'n regverdige basis vir 'n vrye samelewing. Die individuele Suid-Afrikaner se reg op beskerming van sy lewe, vryheid en eiendom word voorbehou. Vryheid van spraak, beweging en bymekaarkoms word ook voorbehou solank dit nie die vryheid van andere vernietig nie.

• Die stelsel van vrye onderneming word as die enigste ekonomiese stelsel vir Suid-Afrika aanvaar. Die primêre doel moet nie verhoging in die lewensstandaard van die volk wees.

• Vrye toegang tot die opvoedingstelsel is 'n voorwaarde vir regverdige kompetisie in 'n vrye ondernemingstelsel.

• Onderhandelings in 'n gees van onderlinge respek en liefde is die enigste weg om gemeenskaplike probleme op te los. Alle kommunikasiekanale moet dus oopgehou word, selfs al is daar beginselverskille.



*Die glasies word geklink voor die hoofwedstryd. (Nog foto's op p 6 & 7).*

## Koot verloor geld

DIE afgelope karnaval was 'n groot fees waaraan talle mense saamgewerk het. Mnr Koot van der Walt, karnavalvoorsitter, het reeds verlede jaar sy studies voltooi en het vrywilliglik drie maande se salaris afgestaan om 'n sukses van karnaval te maak.

Die Rektor, personeel en studente van die P.U. vir C.H.O. wil net 'n klein woordjie van dank aan hom rig vir die suksesvolle Karnaval.



*Magdel Swanepoel ontvang die sleutel van die motor wat sy gewen het.*

# Konferensie los nie probleme op

**Die nuwe konstitusionele bedeling wat deur die huidige regering aangekondig is, is by 'n omvattende en indringende konferensie oor dié onderwerp by die Universiteit van Pietermaritzburg bespreek.**

Die konferensie is belê om meer duidelikheid te kry en te debateer oor die onderwerp. Dit sal in 1979 in die Wetboek aangeteken word.

Proff. J.H. Coetzee, J.D. van der Vyver, C.P. van der Walt en mnr. C.J. Coetzee van die PU vir CHO het die konferensie bygewoon.

Van die 100 mense wat teenwoordig was, was daar verteenwoordigers van die Afrikaans- en Engelssprekendes, Kleurlinge, Indiërs en Swartes. Volgens prof. Van der Vyver was dit 'n skeptiese gehoor van linkses sowel as regses.

Senator D. Worall het in Pietermaritzburg die bedeling soos volg uiteengesit:
Die bedeling bestaan uit drie afsonderlike parlemente wat 'n proporsionele verteenwoordiging is van die Blankes, Kleurlinge en Indiërs.

Uit die onderskeie parlemente sal daar ook weer 'n proporsionele verteenwoordiging wees wat in die kabinetsraad sal dien. Die raad sal gemeenskaplike belange behartig. Sake soos aan watter kant van die pad daar gery sal word, word deur dié liggaam bepaal. Dié raad of gemeenskapsraad mag nié 'n politieke liggaam wees nie.

Prof. Coetzee het daarop gewys dat daar twee vrae was wat gereeld na vore gekom het.

Eerstens, wat van die afwesigheid van die Swartes?

Tweedens, kan dit later vertolk word as een-man-een-stem?

Die federasie van Swartes wat teenwoordig was, wou weet; waarom die Afrikaans- en die Engelssprekendes in een groep akkommodeer as dit nie met die Swartes en Indiërs die geval is nie.

Gedurende die konferensie is die Kantonstelsel ook bespreek; watter aspekte bruikbaar sal wees en wat nie. Om saam te vat: daar sal nie veel strukturele verandering nodig wees nie, mits verteenwoordiging, verteenwoordiging in die ware sin van die woord is.

Prof. Van der Vyver is bekommerd oor die aantal vrae wat op die konferensie onbeantwoord gelaat is.

Hy deel die vrae in twee kategorieë in.
- Vrae waarop die regering reeds antwoorde moes gehad het.
- Die waarop die regering nie antwoorde het nie.

Teen die huidige bevolkingsaanwas van die Kleurlinge en Indiërs sal die Blanke oor 20 jaar nie meer die oorhand in die bedeling hê nie. Sen. Worall se antwoord daarop is dat die Provinsiale Rade daaroor moet besluit.

Uit sekere van die vrae blyk dit dat die regering reeds standpunt ingeneem het, maar nog nie 'n antwoord op sekere kwelpunte het nie. Die vraag word nou gevra hoe dit dan rym dat woordvoerders van die regering se verduideliking teenstrydig is met die van die Eerste Minister.

Mnr. C.J. Coetzee maak die stelling dat die aard van die voorgestelde konstitusie 'n minimale graad van suspisie en wantroue om die bedeling suksesvol te maak vereis. Op die huidige oomblik is dit al wat te bespeur is.

Die graad van teenkanting en wantroue is 'n basis van 'n politieke spel.

• Is die aansluiting van die Kleurlinge en Indiërs 'n stap om die regering te dwing vir meer toegewings?

• Is die wantroue gegrond op:

* Historiese geskiedenis van die Kleurlingstemreg.

* Werklike redes vir wantroue - die Nasionale Party wat nie altyd duidelik is nie.

* Element van moedswilligheid.

Prof. Van der Vyver sê ook dit is nie net die Kleurlinge, Indiërs en die opposisie is wat skepties staan nie, maar ook 'n groot persentasie van die Nasionale Party.

## LEES BINNE

• Affikampus 2
• Hans Strydom 3
• Wat is wat 4
• Uit No. 13 5
• Karnaval in beeld 6
• Oorenweer 8
• Spektrum 10
• Pukke vs Diggers 11
• Sportkorrels 12

# Affikampus

INTER UNIVERSITÊRE REDAKSIE

# Goudstad en RAU werk saam

**'n Ooreenkoms van samewerking en wedersydse medeverantwoordelikheid tussen die Randse Afrikaanse Universiteit en die Onderwyskollege Goudstad is op 17 November verlede jaar in Pretoria onderteken deur die Administrateur van Transvaal, mnr. Sybrand van Niekerk.**

Die ooreenkoms bepaal dat die Kollege voortaan sal beskik oor 'n Kollegeraad en 'n Kollegesenaat. Die voorsitter van die Kollegeraad sal nie aan die universiteit of die Provinsiale Administrasie verbonde wees nie.

Beide die universiteit en die Administrasie het inspraak op dié Kollegeraad wat in sy funksie met die Universiteitsraad ooreenstem.

Die Kollegeraad sal bevoegdhede hê oor 'n verskeidenheid van sake soos personeel, geboue, kollegeterrein en sake van algemene beleid.

Die Kollegesenaat het inspraak in al die akademiese sake van die kollege soos leerplanne, eksaminering, kursusse en diplomering.

Deur die ondertekening van die ooreenkoms is beide personeel en geriewe van die kollege en universiteit oor en weer tot mekaar se beskikking.

Die belangrike klousule in die ooreenkoms is dat kursusse wedersyds deur die kollege en die universiteit erken sal word. Sekere akademiese vakke wat kollegestudente suksesvol afgelê het, sal tot 'n beperkte mate deur die universiteit vir graaddoeleindes erken word.

# Sakboek skep probleme

**Beswaar is gemaak teen 'n bepaalde politieke verdraaiing wat op die eerstejaars van die Universiteit van Natal afgedwing word.**

Mej. Ruth Ward en mnr. Kelvin Friederiks het die SR van die Universiteit van Natal daarvan beskuldig dat hulle die eerstejaars indroktineer deur die aanvangsdatum van die Onluste in Soweto te publiseer maar niks te meld van Republiekdag nie.

Volgens hulle word gebeurtenisse wat afwyking, opstand en spanning tussen die Rasse tot gevolg het, bevorder.

Godsdienstige openbare vakansiedae word net aangedui as "openbare vakansiedag." Mej. Ward en mnr. Friedericks het teen die volgende voorbeelde beswaar gemaak: 10 Maart 1922 – Opstand aan Rand, 21 Maart 1960 – Sharpville, 69 dood, 186 gewond.

Die SR voorsitter, mnr. Patrick Flynn, het gesê dat twee van die omstrede sake uit die dagboek verwyder sal word voordat dit versprei word. Van die sg. "30 historiese gebeurtenisse kan slegs 9 as histories beskou word volgens mnr. Flynn.

## KOVSIE STERF

**'n Vierdejaar mediese student van Kovsies, Mej. Bea du Toit (22), het Donderdagaand 9 Maart voor 'n trein gesterf.**

Mej. Du Toit wat op pad was na die Pelonomi Hospitaal het kort voor agt-uur met haar bakkie teen die trein gebots. Van die omstanders het mond-tot-mond asemhaling toegepas maar sy het gesterf voordat sy die Bloemfonteinse Algemene Hospitaal kon bereik.

# KAMERBESOEK IS UIT

**Die wedersydse kamerbesoeke deur mans- en damestudente sal nie toegelaat word nie, volgens prof. M.J. de Vries, die Vise-Rektor van Maties.**

Die behoefte hierna het ontstaan as gevolg van die onvoldoende privaatheid en geriewe vir koshuisstudente in die sitkamers.

Sprake hiervan het ontstaan toe die Primarii en Primariea se uitvoerende komitee 'n wysiging van die reël voorgestel het.

Die Universiteitsowerhede het gereageer en die verbetering is duidelik sigbaar. Die sitkamers word afgeskort deur opvoubare houtafskortings wat verwyder kan word indien die saal gebruik wil word vir bv. 'n dans.

Daar is reeds op eksperimentele basis in die koshuis Minerva van hierdie afskortings geïnstalleer. Indien dit geslaagd is, sal die ander koshuise daarvan voorsien word.

# Hulp aan Anderskleuriges

**'n Studietrustfonds vir gekleurdes het binne driejaar tienvoudig vermeerder van R8 000 tot R80 000. Sowat 550 Hoërskoolleerlinge van die platteland is reeds deur die fonds gehelp.**

Ds. Jan Hofmeyer, voorsitter van die Raad van Trustees het by RAU tydens die bedanking van die skenkers gesê daar word gehoop om uiteindelik 'n trustfonds van R500 000 op te bou.

Die rente van R50 000 tot R60 000 p.j. sal vir studiehulp aan Kleurling en Indiërstudente aangewend word.

Rapport het R25 000 geskenk, Christelike Uitgewersmaatskappy en die NCD-melkery het 'n derde keer R1 000 geskenk.

Mnr. K.S. Birch, 'n afgetrede argitek het R4000 geskenk en die NG-gemeente Parkhurst nog R2 500. Die totale bedrag van die fonds beloop meer as R6 000.

# "GOKKIE-JAG" EIS LEWE

**'n Briljante en gewilde student van die Pretoria Onderwys Kollege het voor 'n trein gesterf nadat hy aan 'n tradisionele "Gokkie-jag" deelgeneem het.**

Die 22-jarige mnr. Drikus Botha het gesterf nadat hy van die Gokkie studente wat hom gevange wou neem, weggehardloop het. Hy het van 'n perron afgespring en voor 'n aankomende trein beland. Hy is op slag dood.

Die "Gokkie-jag" vind elke jaar tydens die interkollegebyeenkoms tussen die Kolleges van Pretoria en Goudstad plaas.

Die saak word deur die Spoorwegpolisie ondersoek.

# NUWE BEWEGING AAN RHODES

**'n Dramatiese nuwe beweging in Engelse studente politiek is deur studenteleiers van die Universiteit van Natal en Rhodes aan die gang gesit.**

Studente politiek op Engelse kampusse is in die verlede oorheers deur 'n sterk linkse invloed en die verklaring vanaf die kampusse poog om die wanbalans reg te stel.

Volgens mnr. Rob Maguire van die Universiteit van Natal bied "Dynamic Patriotism" 'n konstruktiewe stel beginsels waarmee die meerderheid Suid-Afrikaanse studente hulself mee kan identifiseer.

# UOVS IN KNYP

**Met die Kovsies se sport wil dit blykbaar net nie goed gaan nie. Die doring wat nou weer steek is die aanstelling van 'n nuwe sportdirekteur.**

Aanvanklik moes die aanstelling reeds die 28ste Februarie bekend gewees het, maar daar kan klaarblyklik nie eenstemmigheid bereik word nie.

In Bloemfontein gons dit reeds die afgelope maande oor wie die pos gaan kry, veral toe dit bekend geword het dat mnr. Steve Strydom, grootbaas van Vrystaatse rugby, ook om die pos aansoek gedoen het.

Dan is daar nog mnr. Ewie Cronje, 'n sport administrateur by die UOVS wat man alleen die departement van sport aan die Universiteit in 1969 begin het. Baie mense meen dat die pos aan hom toegeken moet word.

Na verneem word, was mnr. Strydom blykbaar inderdaad deur die dagbestuur vir die pos aanbeveel, maar die volle raad het dit nie goedgekeur nie.

Daar is sprake dat daar dalk twee adjunk-direkteurs aangestel kan word, om sodoende die ondersteuners van mnre. Strydom en Cronje albei tevrede te stel.

Iemand wat dalk ook vir 'n verrassing kan sorg is mnr. Ivor Potgieter, die grootbaas van atletiek in die Vrystaat. Mnr. Potgieter is adjunk-direkteur van die Universiteit se Buro vir Ontwikkeling.

Omdat die pos van die direkteur vir sport nou oorstaan is daar ook nie 'n rugby organiseerder vir die UOVS aangestel nie. Die pos het vakant geraak met mnr. Nelie Smith se vertrek na die Kaap.

# Tuks vergoed SR

**Die Universiteitsraad van Tuks het besluit dat noodsaaklike uitgawes, aangegaan deur die VSR-lede en die Perdebyredakteur, deur die Universiteit gedek sal word.**

Die VSR mag in hulle begroting 'n bedrag bewillig vir noodsaaklike uitgawes, soos byvoorbeeld brandstof.

Voorheen is aansoek gedoen vir kwytskelding van klasgelde of 'n gedeelte daarvan. Die vergunning geld reeds vir lede van RAU en Maties se SR-lede.

Die bedrae beloop vir die SR-voorsitter R150, die Perdebyredakteur en lede van die Uitvoerende komitee R75, en vir gewone SR-lede R50.


DIE BULT APTEEK

Verslank

Tel. 5943

Met FATT OFF teen 3.90
en Shape teen 3.00

U is welkom by ons.


## Blankes studeer aan Durban-Westville

**Twaalf aansoeke van Blankes om aan die Universiteit van Durban-Westville te studeer, is deur die Senaat goedgekeur.**

Die studente wil die MBA-kursus aan Durban-Westville loop aangesien die Universiteit van Natal nie die kursus aanbied nie. Unisa bied wel die kursus aan maar die studietydperk is veel langer.

'n Dertiende aansoek vir die kursus geniet tans oorweging.

## R600 000 MINDER

**Rhodes se Regerings subsidie is met R600 000 gesny.**

Die stap is as gevolg van die huidige ekonomiese probleme waarmee die Staat te kampe het en sal die alledaagse aktiwiteite beïnvloed.

*Vrydag is Kleurbaadjiedag*

DORPSTUDENTE KAN DIE WAPAD VOOR 12h00 OP VRYDAG BY DIE WAPADKANTOOR KOM AFHAAL. NÁ 12h00 WORD DIT GEPOS




*Klawerhof loop Hans Strydom raak.*

# EPISODE : HANS STRYDOM

**Nadat ons eers in Kroonstad en daarna by die atletiekbyeenkoms geld ingesamel het en Pukkies verkoop het, besluit ons sommer so uit die bloute om Kroonpark toe te gaan. Min het ons geweet watter GROOT verrassing op ons wag!**

Almal het oor die hangbrug geloop en toe gaan vra Door George by 'n paar kamperendes 'n bydrae. Toe sy terugkom, het sy opgewonde vir ons vertel dat een van dié here baie na Hans Strydom lyk! HANS STRYDOM!! Ons het almal geskree: "Meneer Hans, meneer Hans, Klawerhof sê goeie middag.

Hy het bus toe gekom en almal se oë het natuurlik byna uitgeval. Hulle sou die middag 'n deeltjie van die nuutste Afrikaanse rolprent skiet. Hy het lekker met ons gesels oor sý PUK-dae, die heerlike Thalia-toere en toe het ons sommer spontaan vir hom die Dorelied gesing! (ons het gedink ons sal dit NOOIT weer sing nie)! Hy is uitgenooi Karnaval toe en hy is 'n ereplek op Klawerhof se vlot belowe. Toe hy sê die PUK is die beste universiteit in S.A., het ons hom luid toegejuig.

Die volgende plan het van hom gekom: Ons moes die regisseur gaan "verwittig" dat, as hy nie vir ons R100 gee nie, Hans Strydom "uit sy 'movie' sou klim"! Ons het vir hulle Pukkies gegee en uiteindelik het "meneer" Hans ons toe R10 gegee – maar eers moes ons hom belowe dat ons NIE na dié nuwe film sou gaan kyk nie!!

Nadat daar foto's geneem is, en juffrou Magdel nie minder nie as twéé erg gesellige soentjies gekry het, (wat haar erg laat bloos het), het ons Hans Strydom in Kroonstad agtergelaat!

Klawerhof, Klawerhof, Klawer-Kláwerhof!!

# Makouvlei hou reünie

**Makouvlei – Dawie du Plessis Suid, het die afgelope naweek te midde van die intervarsity en karnavalstemming nog 'n verdere hoogtepunt gehad toe hy sy vyf-en-twintigste bestaansjaar op luisterryke wyse deur middel van 'n reünie gevier het. Groot was die pret en die vreugdes op die oud-Makoue se gesigte, om mekaar weer te sien.**

Die dag is begin met 'n biertuin, net om alle gespanne gevoelens los te maak. Daarna is daar 'n tradisionele koshuisvergadering gehou, so eie aan wat net in Makouvlei kan geskied. Lekker was dit om al die ou Makoue se staaltjies en stories te hoor. Hierna was daar 'n "social" rugbywedstryd waar die ou manne moes wen, want hulle het die skeidsregter (die swart dood) aan hulle kant gehad.

Die dag is afgesluit met 'n formele dinee wat onder andere bygewoon is deur Prof. Tjaart, H.N. Pretorius, James Stoffberg en Eugene van Wyk. Laasgenoemde twee was dan ook beide oud-primaria van Makouvlei.

In sy huldigingsboodskap het Prof. Tjaart as een van die oud-Makoue, toe nog volgens hom Hotel Cachet van 1953 hulde gebring aan 'n kleurvolle era en die hoop uitgespreek dat die manne sou voortbou op hulle tradisie. As eerste S.R.-voorsitter uit Makouvlei en ook tot dusver die enigste rektor vir die koshuis, was dit 'n besondere eer om Prof. Tjaart teenwoordig te kon hê.

Die seremoniemeester, Johann Ueckermann, het ook hulde gebring aan ander Makoue wat tot op hede groot prestasies gelewer het soos byvoorbeeld James Stoffberg, Eugene van Wyk, Koos Kaffer, Gert Doorewaardt en nog baie ander.

Die aand se verrigtinge is opgekikker deur "nominations" waar die manne geleentheid gekry het om van die kleurvolle karakters van ouds te vra om oor die luidspreker 'n aantal staaltjies te vertel. Zane Frey se selfmoordpoging op die bult met 'n skynophang, was seker die lagwekkendste van almal.

Ander staaltjies wat opgediep was, is die een van die oud-Makou wat met 'n Lee Metford geweer die Potch-Noord N.G. kerk se horlosie stukkend geskiet het nadat hy "gedare" was.

Johan Kirsten (Billy the Kid) se storie hoe hy verlede jaar op 'n paar manne losgebrand het, moes ook 'n prominente plek kry tussen al hierdie stories.

Na die aand se puik dinee waar onder andere vier heelgebraaide skape en ses speenvarke bedien is, kan mens nie anders as om te besef dat Makouvlei voortgaan met sy ou tradisies nie en dat daar inderdaad voortgebou word op die goeie dinge uit die verlede.

Nogmaals dankie aan al die oud-Makoue wat die groot fees bygebring het.

# Kuesta sê dankie

**KUESTA deel in die vreugde van R.H. Morris, Suid-Afrika se oudste boukontrakteursfirma. Dit is vanjaar hul Eeufeesviering.**

KUESTA wil die instansie bedank vir hul skenking van R500 juis omdat dit nie 'n gereelde instelling is om sulke groot skenkings te maak nie. Hulle word verseker dat die geld baie nodig is en met sorg benut sal word.

R.H. Morris speel 'n groot rol in die boubedryf en die firma se vernaamste bydraes is die bou van opvoedkundige instellings.

R.H. Morris het in 1975 kontrak gesluit met die PU vir CHO vir die bou van die nuwe Studente Sentrum.

Die Sentrum huisves 'n amfiteater met sitplek vir 3500 mense. Die amfiteater vorm deel van die dak oor die sportsentrum. Buitelugbyeenkomste, teateropvoerings ens. sal in die teater gehou word. 'n Kafeteria en ontspanningslokaal en vergaderplek van studente word ook hier gehuisves.

Die kompleks het 'n buitengewone ontwerp en die koepeleffek maak dit die brandpunt van studentebedrywighede.

Die kompleks behoort gedurende 1978 voltooi te word.

Die gebou vir die Fakulteit Ekonomiese Wetenskappe is so pas deur R.H. Morris voltooi. Ruim en moderne lesingkamers, studeerkamers vir nagraadse studente en kantore, tiklokale en komiteekamers is reeds sedert die begin van die jaar in gebruik geneem.

KUESTA sê dankie vir R.H. Morris wat Hulle in staat stel om hierdie reuse projek van die ASB aan te bied.

# VLOTBEOORDELING LAAT KOSHUISE GIS

**Die karnavalkomitee het na aanleiding van die misverstand by die vlotte se beoordeling besluit om die wyse van beoordeling te verduidelik.**

Die vlot self het uit 200 punte getel. Punte wat beoordeel is, is die algemene indruk, humor, afwerking en oorspronklikheid. Die gees van karnaval en so ook die sukses van die optog hang van die Pukmassa af. Daar is gevolglik besluit dat die ondersteuners saam met die vlot en die popkoppe 'n verdere 100 punte tel. Dit het 'n groot invloed op die finale puntestand gehad.

Die groot dispuut oor die PASV-vlot het ontstaan deurdat die vlot nie aan die laaste vereiste voldoen het nie. Hoewel dit een van die beste vlotte was, het dit nogtans 100 punte verloor.

Verdere punte is afgetrek vir vlotte wat nie betyds opgedaag het nie. Die vlotte moes Saterdagoggend om 06h30 by die plek van beoordeling gewees het. Verskonings is in aanmerking geneem waar dit aangebied is.

Daar is een punt vir elke vyf minute afgetrek tot by 'n maksimum van vier punte. Slegs twee vlotte het vier punte verloor.

In Klerksdorp is 'n verdere punt vir die algemene indruk aan die vlotte toegeken. Die totale waaruit die punte bereken word is dus 300 punte.

# Babas in goeie sorg

**Potchefstroom kan nou spog met sy eie babasittersklub wat uniek is omdat dit die enigste in sy soort op Potchefstroom is. Die klub is deur 'n dameskoshuis van die Puk gestig, met 'n ledetal van vyftig.**

Dié klub is deur uitgesoekte en opgeleide meisies van Vergeet-my-nie gestig.

Die lede van die klub moet R1,00 ledegeld betaal om administratiewe kostes te dek.

Die klub wil en gaan 'n besondere diens aan alle ouers van Potchefstroom verrig en behulpsaamheid en tevredenheid word gewaarborg.

Die meisies sal dan ook van tyd tot tyd deur opgeleide persone onderrig word oor hoe om in 'n noodgeval op te tree en ook oor die algemene versorging van die baba of kind ingelig word.

Willemien van Veijeren, die huiskomiteelid van Vergeet-my-nie belas met die babaklub, het gesê:

"Elke lid moet ten volle die verantwoordelikheid en erns van die saak insien, want kosbare lewens word vir 'n sekere tyd aan hulle toevertrou".

Die meisies vra 80c per uur en ná 11 uur saans R1,00 waarvan tien persent vir die koshuiskas gaan.

"Soos net Vergeet-my-nie met sy groot gees dit kán doen, pak ons alles groot aan en beoog ons nog baie dinge vir die klub," is Willemien se mening.

Vir verdere besonderhede moet u die Herald en plakkate op die kampus dophou. Of skakel vir Willemien van Veijeren, Vergeet-my-nie by tel. 5212/1.

# SKAAKKLUB BEGIN VOLUIT

**Puk Skaakklub het alreeds die eerste skaakkompetisie vir 1978 agter die rug. Die program vir die res van die jaar beloof ook om vol opwinding en uitdagings vir elke skaakspeler te wees.**

Die naweek van 3 en 4 Maart het die kampioenskappe wat deur 14 spelers bygewoon is, plaasgevind. Na 'n spannende stryd het Wouter Enslin as die kampioen uit die stryd getree. Verskeie ander spelers maak egter sterk aanspraak op sy troon, en hy sal moet uithaal om bo te bly.

Twee nuwe bestuurslede is gekies, nl. Louis Venter en Wim Louw. Hulle en die res van die bestuur is al kliphard besig om die Inter-koshuisliga te reël. Hierdie wedstryde neem eersdaags in aanvang en skaakspelers moet solank verroeste kennis opknap.

Die Skaakklub oefen gereeld Maandagaande om half agt in kamer F10.

KARNAVAL
foto's
nou
beskikbaar
by
fotokuns



ELLEN
BETRIX

Bied 'n gratis "Vitamin Lack" aan om U naels te Pamperlang met alle aankope van R10 en meer.

Hierdie aanbod beskikbaar vanaf 1 April

Kom vroeg aangesien voorrade van die geskenk produk beperk is.

Alleenlik verkrygbaar by:

TOPS

die WAPAD

# ENGELSE DRAAI REGS

**Ná die stigting van die „Modern Conservatism Movement" op Wits verlede jaar lyk dit of die meer regses op ander kampusse ook nou na vore tree. Die nuutste toevoeging is natuurlik die „Dynamic Patriotism"-beweging op Rhodes en die Universiteit van Natal in Pietermaritzburg. In hulle manifes sê hulle:**

- **Alle diskriminasie word verwerp**
- **Maatskaplike en Ekonomiese probleme word nie deur die een-mens-een-stem-beweging opgelos nie.**
- **Alle vryheid word voorbehou solank dit nie die Vryheid van ander vernietig nie.**
- **Vrye onderneming word as ekonomiese beginsel aanvaar vir die verhoging van lewensstandaard.**
- **Daar moet vrye toegang tot die opvoedingstelsel wees.**
- **Onderlinge kommunikasie in respek en liefde word beskou as die enigste manier om probleme op te los.**

**Dit is verblydend dat die meer konserwatiewe studente nou daadwerklik begin opstaan vir hulle oortuigings. Dit gee meer balans in die Engelse studentepolitiek. Die Wapad hoop dat dit sal lei tot beter wedersydse kommunikasie tussen Afrikaanse en Engelse kampusse. Mag „Dynamic Patriotism" werklik dinamies wees.**

# PUKKE HET GEHELP

**Karnaval '78 is iets van die verlede. Nog net die laaste opruimingswerk word gedoen. Dit was voorwaar 'n karnaval duisend. 'n Hartelike woord van geluk aan Koot van der Walt en sy span helpers. Karnaval was 'n week van ontspanning en aktiewe deelname aan 'n projek om geld vir liefdadigheid in te samel. 'n Ontspanne gees was kenmerkend van die week; die gewone haat en nyd tussen koshuise is iets van die verlede. Vir die eerste keer kon 'n mens ervaar karnaval word deur al die Pukke geniet. Die negatiewe puntjies soos die ongelukke is gelukkig nie te ernstig en het nie die sukses van Karnaval '78 in die wiele gery nie. Pukke julle het gewys hoe karnaval gehou moet word. Kom ons wys nou hoe daar geakademie moet word.**

# SSR tree op

**Bravo aan die SSR met hulle ferm optrede tydens intervarsity. Dit was lankal nodig dat die sodanige grapmakers van intervarsity geleer moet word wanneer 'n ding moet ophou en wanneer nie. Die Wapad hoop dat die optrede gehandhaaf sal word deur die jaar. Dit skakel al die onnodige tugkomiteevergaderings uit as 'n mens eerder die onverantwoordelikes keer as wat 'n mens hulle, hulle gang laat gaan en later moet optree.**




# WAT IS WAT?

## VAN: Wie-weet-wie

**'N STUDENT** is 'n wonderlike wese (om nie te sê mens nie). Jy wonder altyd wat gaan hy volgende doen. Daarby wonder hyself ook baie, hy wonder wanneer gaan hy begin swôt, wanneer is sy pa van plan om weer vir hom geld te stuur, wat gaan hy vanaand doen, wat gaan daar in die eetsaal te ete wees, waarom daar iets soos eerstejaars is, wanneer die rektor iets aan die akademiese situasie gaan doen, wanneer die SSR weer vir hom iets wat die moeite werd is gaan aanbied, wanneer die H.K. die sitkamer gaan restoureer, wanneer die eerstejaar pos gaan haal en wanneer die bediende die bad gaan skoonmaak.

'n Student is beslis nie 'n mens nie, en veral nie 'n volwassene nie. Afsonderlike toegangsgeld vir funksies word dan ook altyd vir volwassenes en studente bereken.

Nog iets wat 'n student van 'n mens onderskei, is sy beskeidenheid: terwyl mense normaalweg lokale van voor af vul, gaan sit 'n student altyd heelagter.

Studente het egter 'n vreeslike behoefte aan erkenning en prestasie. Hulle wil opsluit die beste, hoogste en vinnigste "foefieslide" op die kampus hê, hulle wil die meeste oor een telefoon praat of in een volkswagen klim, hulle wil die verste spoeg of die naaste aan hulle klasse slaap (pure leergierigheid, natuurlik). Hulle wil die langste op en af op 'n matras spring of pannekoek bak of slaap of aanmekaar vasgeketting wees of uit die biblioteek bly – en hulle het juis so min tyd om te swôt.

'n Student handhaaf beslis, behalwe miskien in die ekonomie, goeie ekonomiese beginsels. Minimum inset vir maksimum resultate.

Soms kom studente in groepe bymekaar en skree almal saam – en geniet dit baie. Skielik besluit almal om op die kampus te slaap en vervoer dus al hulle ameublement soontoe – en almal dink dis snaaks.

'n Student is verder baie aanpasbaar. Toe dosente teen die einde van verlede jaar die tempo van klasse versnel het met die oog op die eindeksamen, het geen student gekla nie. Hulle het net begin seilskoene dra in 'n poging om die pas vol te hou.

'n Groot oorsaak van die hoë druipsyfer onder eerstejaars is glo 'n gebrek aan slaap. Lesingslokale behoort beslis gemaklier ingerig te word om hierdie probleem te ondervang.

Party studente dink. Baie studente dink hulle dink. Meeste studente het lankal dié gevaarlike gewoonte afgeleer. 'n Student, so lyk dit my dus, toon 'n merkwaardige ooreenkoms met Langenhoven se vlieg: sy naam moes liewers sit gewees het!

Jy kan bly soos hy is vir die res van jou lewe, of jy kan wegbreek na student-wees.

# Uit die Woord

*Psalm 25 vers 16: Wend U tot my en wees my genadig, want ek is eensaam en ellendig.*

*Eensaamheid – 'n woord wat ons met huiwring vul. Geen mens wil eensaam wees nie; nog minder eensaam wees tussen duisende studente, tientalle koshuisvriende. Tog is daar soveel onder ons wat eensaam is.*

*Die psalmdigter bekla sy lot. Hy is eensaam. Die mense beskou hom as 'n vreemdeling en weier om enigiets met hom te doen te hê. Na wie kan hy, die geïsoleerde een, gaan om sy diepste gedagtes en gevoelens te openbaar? Dit klink bekend, nie waar nie?*

*Dan gee hy self die oplossing: Na God alleen. Alleen na Hom kan hy gaan in sy eensaamheid. Na Hom wat Jesus Christus vir ons gestuur het om ook óns eensaamheid op Hom te neem. Jesus Christus wat die diepste eensaamheid geken het toe Hy aan die kruis op Golgota uitgeroep het: „My God, my God, waarom het U my verlaat." Ja, Christus het die bitter eensaamheid, vir ons weer soete eensaamheid gemaak.*

*Soete eensaamheid – dit is eensaamheid wat sy krag vind in die innerlike, die verborge omgang met God van die wat tot sy gemeenskap toegelaat is ten spyte van al ons dwalinge, ingeslote ons jeugsondes.*

*Besef u nou dat vir die kind van God daar soiets is soos soete eensaamheid? 'n Soete eensaamheid waarin ons al ons kwellinge en terneergedruktheid kan openbaar.*

*'n Soete eensaamheid – as kind by my Vader*
*deur Jesus Christus*
*vir ewig.*

## UIT NO. 13

**Lesers word vriendelik uitgenooi om briewe aan die Wapad te stuur vir publikasie. Briewe mag onder skuilname geskryf word. Let egter asseblief daarop dat u volle naam en adres die brief moet vergesel anders kan dit nie gepubliseer word nie. Ons waardeer u samewerking in dié verband. – (Red).**

## *VOORDELE ONNODIG*

Waarde Heer

Op 'n onlangse vergadering van studenteleiers het ek met groot belangstelling geluister na 'n aankondiging van sekere sake wat deur u Raad beplan word. Dit gaan naamlik oor die beplanning van studentevoordele, soos dit die betrokke aand genoem is. Dit is duidelik gestel dat die reëlings slegs voorlopig van aard is, maar na aanleiding van 'n berig in DIE WAPAD (30 September) lei ek af dat hierdie reëlings ten minste deur die SSR in beginsel goedgekeur is. Daarom sal ek nou graag my mening oor die saak aan u wou stel.

In die eerste plek hinder die hele begrip "studentevoordele" my. Is die student, dan, in alle preteit gesê, 'n besondere geskenk uit die hemel aan die aarde en sy gewone inwoners, sodat al die "gewone mense" in nederige erkentlikheid voor die student moet neerbuig; diep dankbaar vir sy vererende teenwoordigheid? Ek kry die indruk dat dit die siening van baie studente is, en dat dit hierdie siening is wat aan die hele idee van studentevoordele ten grondslag lê. Indien ek verkeerd is, is dit vir my duister waarom die student dan bloot op grond van die feit dat hy student is, "voordele" moet kry, wat ander mense nie beskore is nie.

Ten tweede moet ek dit duidelik stel dat die deursnee-student van vandag nie finansieel swaarkry nie. U kan gerus 'n keer die aantal motors, en hulle waarde, nagaan; wat deur studente op ons kampus besit word. Kontroleer ook gerus 'n keer ons studente se klererekenings, of tel op enige aand van die week die aantal getroue ondersteuners in die hotelle. Die bedrag geld wat elke jaar tydens Karnaval en Intervarsity op diverse plesiere bestee word, gaan my verbeelding te bowe.

In die derde plek is ek ontevrede oor die beplande studentedienste omdat ek van mening is dat dit nie op die terrein van die SSR of die student lê om hom (as student) te waag op die terrein van die handel nie. Waar die student wel met die handelswêreld te make kry, doen hy dit as koper, gelyk met ander kopers; en nie as student nie. Daarom is dit nie deel van die SSR se werk om handelstransaksies te sluit nie; en definitief ook nie om self ondernemings te probeer hanteer nie.

In die vierde plek is ek ontevrede oor die wyse waarop die student tot die wêreld van die sake-ondernemings toetree. Op grond van die mag wat in ons getalle as kopers geleë is, gaan ons die sake-ondernemings nou dwing om aan ons spesiale pryse te verskaf. Ons handel op grond van die bedingingsmag, wat geleë is in ons getalle. Is dit nie 'n pragtige woord nie, vir só 'n siek beginsel! Dit is tog presies dieselfde taktiek wat deur ons sg. vyande toegepas word, as hulle sanksies teen ons bepleit? Deur ons optrede gaan ons sakemanne dwing om aan ons die laagste moontlike prys te bied, en ons onderneem dan die teenkant, nl. om sy mededingers te boikot. Dit lyk my na 'n ooreenkoms met 'n sakeman wat nóg die studente, nóg die sakeman eer aandoen. Wat meer is, dit is nie die sakeman se skuld nie; ons forseer die ooreenkoms op hom af deur ons eis. Ons dwing dus die sakeman om oneties op te tree. Ons sny daardeur ook die klein onderneming se keel af, en verhaas daardeur die groei van sosialisme, omdat die staat genoodsaak is om die klein onderneming teen sulke prosesse te beskerm.

Ten laaste wil ek aan u 'n vriendelike versoek rig: besin oor die beginsel van hierdie saak, want dit is duidelik dat u dit nog nie gedoen het nie. Indien u egter wel besluit om die saak deur te voer, vra ek namens myself en my medestudente wat soos ek voel dat u die beplande studentekaart nie verpligtend sal maak nie. Ek vermoed dat dieselfde kaart gebruik sal word by die eetsale, die Biblioteek ens., en ek weier om daardie kaart te dra. Neem dan ten minste ons gewetens in ag, want daar is heelwat studente wat met my saamstem.

ANDRÉ V/D WALT

**Geagte Redakteur,**

**I. Met graagte antwoord die SSR bostaande brief:**

**1. In alle piëteit is dit ons mening dat die korrekte naam van die portefeulje studentediens is en dat studente inderdaad nie uit die hemel kom nie.**

**2. Die idee dat 'n gemeenskap in 'n vroeë ekonomie as gemeenskap sekere dienste aan sy lede verskaf, is nie nuut nie (vergelyk die staatsdiens byvoorbeeld onderwysdepartemente en pos- en telegraafwese) en daar kan in beginsel geen standhoudende argumente daarteen geopper word nie. So bied die verkose leiers van die studentegemeenskap van die P.U. vir C.H.O. en ander vertakkinge van die Universiteit 'n hele aantal dienste (waarvan slegs enkele op die ekonomiese terrein) byvoorbeeld werkverskaffing, sielkundige en opvoedkundige voorligting, kampus mediesediens en algemene regsadvies, om maar net 'n paar te noem. Studentediens beslaan dus 'n wyer veld as blote finansiële voordele, sodat die "finansiële swaarkry"-argumente nie tersake is nie, afgesien daarvan dat dit 'n growwe veralgemening is.**

**3. Waar daar wel met handelsondernemings geskakel word, geskied dit as gevolg van die volgende uitgangspunte:**

**3.1 In 'n kapitalistiese ekonomie met vrye mededinging het elke handelaar die vryheid om ondernemingsgees te toon, onder andere in die neem van 'n ekonomiese risiko of nie. 'n Handelaar besluit byvoorbeeld om deel te neem aan 'n studentediens en bied 'n afslag van 10% op kontant (in sommige kringe word dié afslag as normaal beskou) – sy mededinger besluit om nie deel te neem nie en behou die hoër kontantprys. Na 'n jaar mag die twee handelaars 'n gelyke wins toon of mag een selfs, vanweë sy algemene goeie diens en vriendelikheid, 'n hoër wins toon.**

**3.2 Mededinging en uitsak van swakker ondernemings is nie net 'n realiteit waarmee rekening gehou moet word nie, maar dit is ook 'n pilaar in die ekonomiese opset en is positief anti-sosialisties, in die terminologie van die skrywer.**

**3.3 Die verbruiker as 'n groep het 'n bedingingsmag as gevolg van hul koopkrag (en nie as gevolg van getalle nie – vergelyk die koopkrag van een miljoen Ugandese met dié van 'n kwart miljoen Amerikaners), wat reg gebruik kan word om as mededeelnemers aan die ekonomiese proses die inisiatief met betrekking tot veral prysstygings nie net by die produsent te laat bly nie.**

**3.4 Die Studenteraad sanksioneer nie aankope by sekere ondernemings deur middel van die studentekaart of andersins nie, maar tree slegs adviserend teenoor die studentegemeenskap op.**

**3.5 Ten slotte word gepoog om alle partye in enige besluite in dié verband te ken. So werk die saak tot die voordeel van dié handelaars wat bereid is om diens te lewer aan 'n studentegemeenskap wat hulle graag wil en sal ondersteun.**

**4. Die opmerking van die skrywer dat duidelik nog nie besin is oor die saak nie, het nie eers kommentaar nodig nie. Wat die studentekaart betref, het die vele ander gebruike as dié waarteen die skrywer gewetensbesware het: ons beveel aan dat hy dit slegs daarvoor aanwend.**

**Baie dankie,**

**Steinman de Bruyn en Theuns Eloff (namens die SSR)**

## *"Check" mans kan vergeet van trou*

Geagte Redakteur

Na aanleiding van Keel-vol-vir-nou-pype op M. se briefie in die Wapad gedateer 3 deser, wil ek net graag vir die meerderheid van die **dames** op die kampus 'n stuiwer in die armbeurs gooi.

Dit is in verband met die kleredrag van die mans aan die PU vir CHO. Ek dink defnitief nie dat geruite "check" klere altyd bymekaar pas nie – 'n goeie voorbeeld is: Broek, baadjie en hemp – alles is "check", nie dieselfde kleur nie, nie dieselfde "check" nie en dan nog 'n blommetjies das in 'n heeltemal teenstellende kleur.

En die ergste van alles is die vreeslike lojaliteit van die Puk manne – hulle dra dag en nag sweetpakbaadjies. Die oranje en groen van Caput, die maroen van die Puk sweetpakbaadjie pas gladnie by alle skakerings van mansklere nie.

Die "Uriah Heep" – styl vir hare is 'n hele tydjie gelede al uit die mode. Korter, skoner hare is altyd beter om aan te vat as die waarin ons daagliks moet vaskyk.

Nog 'n laaste punt: hardloopskoene pas meer op die Fanie du Toit as in die klas – en doen dan sommer die moeite om kouse by ordentlike skoene aan te trek. 'n Ligpuntjie is dat die ouens wat "stovepipes" dra, gewoonlik dié is wat goed daarin lyk. Wat gee 'n meisiehart meer 'n ruk as 'n man met effens bak bene in 'n "stovepipe" met kouse en velskoene, 'n blou geruite hemp en skoon, korterige hare.

Dink gerus daaraan of 'n baard jou regtig pas – is jy nie dalk te lui om te skeer nie?

Ek dink dat die meerderheid van die meisies wat "stovepipes" dra, beter lyk as al die mans wat sweetpakbaadjies dra. Dit is absoluut swak smaak en truie of effekleur baadjies is nie so duur nie.

Vergeet ook van die idee dat meisies universiteit toe kom om man te vang. Almal sal buitendien oujongnooiens word as dit van Pukmanne met "check" klere en sweetpakbaadjies afhang.

Dink gerus daaraan manne en kyk in die spieël voordat julleself op die kampus vertoon – ons meisies moet in julle vaskyk. Breek weg manne.

Katryn en kie.

## *VLOT BEOORDELING*

Geagte Redakteur,

Graag wil ek my mening lug oor die pas afgelope Karnaval en spesifiek oor die vlotbeoordeling. Ek wil oor die vlotbeoordeling. Ek wil die volgende vraag stel: Wat het die PUK teen P.A.S.V.? Duidelike tekens van bevoordeeldheid en antagonisme het na vore gekom met die plasing van P.A.S.V. se vlot as tiende uit 13. Hoekom as dit volgens die oorgrote meerderheid van die Pukmassa beskou is as die beste vlot, nie net ten opsigte van oorspronklikheid nie, maar ook t.o.v. netheid en puik afwerking?

As mens dan vra hoekom P.A.S.V. tiende geplaas word, lui die antwoord soos volg: Hulle het nie genoeg geraas en geskree, m.a.w. genoeg mense om hulle vlot gehad nie. Dit is vir my 'n uiters onbillike diskwalifisering, aangesien mens nie uit die oog moet verloor dat hulle as vereniging nie eerstejaars kan dwing om op die vlot rond te spring soos wat koshuise wel kan doen nie. Hulle het uiters oorspronklike popkoppe gehad, maar was nie in aanmerking geneem met die beoordeling nie.

Nou vra ek myself af: Gaan dit om die vlot of gaan dit om die mense rondom die vlot? Ek was nog altyd onder die indruk dat die vlot as sulks die belangrikste element van beoordeling was. Dat dit gaan om die oorspronklikheid en netheid van 'n vlot in die eerste plek en dan om bysake soos die aantal persone om die vlot. Ons hou mos 'n vlotoptog, nie 'n mensoptog nie.

Ek wil graag 'n beroep doen op almal wat aan die Puk verbonde is, om tog minder subjektief te wees en meer objektief. Ek dink P.A.S.V. het met hulle puik vlot getoon waartoe hulle wel instaat is en ek dink elkeen van ons moet hulle 'n kans om bestaansreg gun.

# Studentehart oorgeplant

*deur JAN KROEZE*

**Die nuwe veeldoelige studentesentrum waaraan reeds meer as twee jaar gebou word, nader stadig voltooiing en beloof om 'n groot sukses te wees, ten spyte van enkele negatiewe aspekte in dié konstruksie.**



*Die studentesentrum hier in 'n vroeë stadium sal teen die einde van die jaar die kern van die studentelewe vorm.*

### SPORT

Verskeie binnenshuise sportfasiliteite word in die sentrum gehuisves. Daar is ruimte vir trampoliene en tafeltennis. By vyf van die ses muurbalbane kan toeskouers slegs van bo af toekyk, terwyl die ander baan een glasmuur het sodat toeskouers van onder en bo kan waarneem. Hierdie baan is ook met sitplekke toegerus. Ook stoei en judo het 'n tuiste in die kompleks gevind.

Daar is 'n groot binnenshuise sportsaal wat toegerus is met verskeie klampe sodat baie sportsoorte daar gespeel kan word deur slegs die regte mat aan die vloer vas te maak. Daar sal selfs tennis in die saal gespeel kan word. Dit is egter jammer dat hier slegs voorsiening vir sowat 200 toeskouers gemaak is, veral wanneer 'n mens dink aan groot byeenkomste soos intervarsity. Die kleedkamers is baie luuks toegerus, byvoorbeeld met 'n saunabad vir mans en dames onderskeidelik.

### OUDITORIUM

Hierdie kolossale studentesaal met sitplek vir 1 541 (en nog 42 los stoele) is vir soveel verskillende aktiwiteite ontwerp dat daar nie noodwendig aan slegs een aktiwiteit se vereistes voldoen word nie.

Vir die oorspronklike plan is daar aan die argitekte opgedra om 'n studentesaal te ontwerp, aangesien die stadsraad van Potchefstroom self planne gehad het om 'n stadskouburg te bou. Dit het meegebring dat daar net een syverhoog is en geen verhoogtoring nie. Hierdie afskeepwerk sou vergewe kon word as daar nie – aan die ander kant – 'n standaardorkesput wat heeltemal toegemaak kan word in dieselfde ouditorium ingebou was nie, en dit in 'n saal wat nie akoesties vir operamusiek ontwerp is nie! Een van die argitekte het in 'n telefoniese onderhoud gesê dat hierdie gehoorsaal nie goed vir simfonie sal wees nie. Die orkesput was ook nie oorspronklik deel van die planne nie. Daar is ook plek vir die pers ingeruim. Die vyfhoekige verhoog word nie met 'n gordyn toegerus nie.

'n Mens kan nie anders as om tot die gevolgtrekking te kom dat daar vele toutrekkery oor die gehoorsaal was nie, dat daar enersyds spandabel gewerk is (as die saal met 'n studentesaal moes wees) en andersyds dat daar te veel besuinig is (as dit 'n teater moes wees).

Prof. Tjaart het onlangs gesê dat ons daaraan sal moet begin dink om te spandeer om sodoende te spaar. As daar meer aan die ouditorium spandeer was (byvoorbeeld 'n groter verhoog met twee syverhoë of twee gehoorsale, een vir drama en een vir musiek) sou dit dalk die noodsaaklikheid van 'n ordentlike teater vir drama en musiek in Potchefstroom opgelos het.

Die amfi-teater met plek vir 3 400 mense het 'n goeie akoestiek en sal aan vele behoeftes voldoen. Die sementverhoog is rond. Die sitplekke word met houtstrokies bedek sodat toeskouers nie op die koue sement hoef te sit nie.

### KAFETERIA

Die kafeteria wat in die sentrum gebou word, sal met die modernste apparaat toegerus word. Daar sal vir plek vir 400 mense wees. Dit is egter te betwyfel of die selfbedieningsafdeling groot genoeg sal wees: daar sal slegs twee kasregisters wees. Die huidige kafeteria het ook reeds twee bedieningspunte wat onvoldoende is. Neem 'n mens egter in aanmerking dat die sentrum reeds agt jaar gelede ontwerp is, is dié tekortkoming verstaanbaar.

Daar word 'n rektorseetkamer met plek vir 28 mense en 'n dameskroegstudente-eetkamer vir 50 gebou.

### KANTORE

'n Breë boulevard wat van drie punte af toegang tot die kompleks verleen, loop onder die verskeie studentekantore deur. Benewens die twee konferensiesale en SSR-saal, sal daar kantore vir die verskeie studente-instansies wees. By die ontvangskamer op die grondvloer word ook publieke telefone gebou. Hierdie dinge sal 'n groot verligting bring vir die druk studentelewe waarvoor daar tans nie genoeg administratiewe ruimte is nie.

Naby die groot woonstel van die opsigter is daar 'n groot en klein studente-sitkamer. Die repitisie-teater sal ook as 'n kleinteater of eksperimentele verhoog gebruik kan word. 'n Batterykamer sal noodkrag verskaf indien die hooftoevoer afgesny word.

Kleedkamers op elke vloer word in die vooruitsig gestel. 'n Makroskaakbord, daktuine en bergruimtes is van die vele ander fasiliteite in die nuwe hart van die studentelewe.

Bouwerk het reeds op 2 Julie 1975 begin en moes volgens kontrak op 4 Augustus 1978 voltooi wees. Die bouers is van mening dat die gebou tussen Desember 1978 en Maart 1979 voltooi sal wees.



*Groot sportmanne op klein motorfietse*

# KARNAVAL IN BEELD



*Een van die modelle tydens die modeparade.*
*Foto: Jaco Pretorius.*



*Een moet af!*




*Puk se trompoppies het alreeds die Pukke in die regte stemming ge[...] vir die groot oorwinning.*

*Selfs dames kan 'n boot beman en eerste kom.*






*Wie of wat moet gehelp word.*






*Sal ons dit ooit vergeet.*




*Professioneel òf nie, almal het dit geniet.*

*Foto: Jaco Pretorius*



*Leon Schuster*



*Hier gaan dit meer as net om die hondjie.*



*Wenners van die Kaap na Rio.*




## Oppikant

**Huweliksklokkies** het amper vir 'n OPPIKANT-man en Kuludame op Donderdag 9 MAART gelui.

Die bruidspaar en gaste – PUKKE, natuurlik! – het met vyf motors na Klerksdorp opgeruk. Die seremonie sou voor die landdros plaasvind. Gelukkig (of ongelukkig) kry die bruid toe koue voete en kies die hasepad. Sy kon nie weer opgespoor word nie. Die arme, verwarde landdros moes toe die hele sakie afstel. Hy wis nie dat dit slegs 'n karnavalset was nie.

Nog oppad na Klerksdorp het van die Oppikantmanne daarin geslaag om teen 90 km per uur 'n paar Pukkies aan verbystekende motoriste te verkoop. Voorwaar 'n rekord!

Met die afgelope motorfietstydren het OPPIKANT daarin geslaag om 90 punte uit 'n moontlike 100 te kry. Vier-en-twintig Oppikantmanne het deelgeneem en het eerste, tweede, derde en vierde plekke in klas 2 verower.

Weens tegniese probleme kon Kulu en Oppikant nie die Kaap-na-Rio-wedvaart wen nie, maar het darem die vaart voltooi.

OPPIKANT en Kulu maak egter 'n reuse sukses van Karnaval; dit gaan nie soseer om die wen nie, maar om die spangees.

## Wanda

**WANDA** – Saterdagoggend, 4 Maart, om 6h30 het sewe Wandaliete die lang pad na Vereniging aangepak. Die doel – om reklame vir Karnaval 1978 te maak. Wat 'n gebeurtenis!

Die sewe dapper dames het saam-saam Potchefstroom verlaat en sewe en 'n driekwart uur later saamsaam Vereniging binnegedraf. Karnavalhempies, plakkate, radioversoeke, foto's en koerantberigte het luid verkondig dat die Pukke Karnaval vier!

Drie motors het die 'atlete' vergesel. Sjokolade en "game"-koeldrank het energie aan die moeë hardlopers verskaf. Selfs die weer het saamgespeel. Naby Vereeniging het 'n 'donderwolkie' die hardlopers vinniger laat draf. Gelukkig het die Wes-Transvaalse son nie sy kop uitgesteek nie.

Pukgees en Wandagees is hoog. Ondersteuning en aanmoediging het van maats, motoriste en van die mense op Vereeniging gekom. Die verkeerspolisie het die 'atlete' deur die dorp tot by die stadsaal begelei. 'n Uur voor die bestemde tyd het die Wandadames die stadsaal bereik. Moeg, maar tevrede het hulle die dag in die dorp deurgebring en die aand weer teruggekom.

Wanda wens Anita de la Porte, July Grobler, Karina Swart, Christine van der Vyver en Vlooi Fouché baie geluk. Ook aan die twee eerstejaartjies, Estelle du Plessis en Elna Roets sê ons baie dankie.

Wanda wil van hierdie uitstappie 'n jaarlikse instelling maak. Dit is 'n uitdaging en ons sien daarna uit om die tyd te verbeter. Saam met Villagers wil Wanda Karnaval '78 onvergeetlik maak.

Wanda sê aan alle Pukke: "Geniet Karnaval en maak 1978 'n groot jaar!"

## Makouvlei

Makouvlei en die gereg, die gereg en Makouvlei, 'n verskeidenheid in die eenheid en 'n eenheid in die verskeidenheid – inderdaad na 'n omgekrapte stormagtige karnavalweek vir 'n paar manne.

Die afgelope twee weke het die gewone dinge, wat hier by ons hoogtepunte is, opgelewer. Die W.P.-Kelders skattejag 'raleigh' is deur Sarel gewen, geluk aan hom, en simpatie met adder, **enkele keertjie** vir sy spoedvonnis van R80, R40 vir die eerste keer en R40 die keer toe hy teruggejaag het. Manne, na verlede jaar se Moordpogings van 'Billy the Kid', a nee-a.

Tydens karnavalweek jaag 'n gemerkte TAZ-bakkie, 'n vreesaanjaende gevaarte, vol 'geleende' hout en ogiesdraad soos 'n ruiter van Skimmelperdpad deur die gepatrolleerde strate van Potchefstroom. Radeloos om te sê, vir enkele ure word Slimbril, Christo, Hentie en Derick deur 'n wrede konstabel aangehou. Geluk met julle vryspraak manne – alles in die gees van karnaval.

Aan Slimbril met die hou op die kinnebak wat hy ontvang het, as innige simpatie.

Die week (en karnaval) is afgesluit met 'n luisteragtige fees toe die manne die vyf-en-twintigste bestaan van Makouvlei met 'n reünie herdenk het.



*Vergeet-my-nie, die wenners van die dames sêr.*

## Heide

Dis hier, dis nou, dis karnaval '78!!

Gonnie van Heide en Katestrofes van Caput span vanjaar saam om 'n fees der feeste van karnaval te maak.

'n Gees van afwagting heers tussen dié twee koshuise vanaf 'n week gelede. 'n Deeglike kruis-en-dwars, oor-en-weer kenmekaar is gehou wat gewissel het van skaats in Sasol, braaivleis by die dam, sjampanjeontbyt met ligdag. Karnaval is amptelik geopen met 'n "lekker hoogskop", wat die wiele aan die rol gesit het.

Beter reklame vir karnaval as die toere vir Pukkieverkope, kan daar beswaarlik wees – en 'n goeie wegspring vir menige sleepaksies. 'n Fyn kuns is mettertyd ontwikkel om 'n Pukkie kundig en subtiel aan Jan Publiek te verkwansel – "Meneer, u is nou op T.V. en as u nie dié Pukkie koop nie, gaan dit vreeslik sleg lyk!" (Daar het darem 'n TV-trokkie in die nabyheid gestaan). Slim het sy baas gevang, want met Marié-Louise het dit letterlik broekskeur gegaan met 'n groot wolfhond agterna!

Heide gaan vanjaar met een van Caput se trapkarre aan die trapkarwedren deelneem en trap dalk diep spore in die Puk se geskiedenis. Ons sokker en skopfietsspanne is vroeg smôrens aan't drawwe, om nie te praat van dié wat al 'n heel skaflike tyd oor die 100 meter in 'n sak kan opstel nie.

Nou is dit saans vlotbou téén die tyd om tesame met groot aksies soos Alabama, alteliek en Puk/Wits-Rugby, die vlotte persklaar en pádwaardig te kry vir Saterdag se vlotoptog.

Mens kan wel terugsit en wonder of alles die moeite werd is – die geweldige organisasie, klasmassa, minslaap, geharwar, geld wat gespandeer word. Dan dink ek antwoord almal definitief positief. Die oorsprong en doel van karnaval, liefdadigheid, moet nooit uit die oog verloor word nie. Bo en behalwe dit alles is dit tyd om student te wees.

Lank lewe karnaval!

## Uitspan

'n Hartlike groet van die Koninkryk van die Rooi Beer.

Einde ten laaste het die klavier weer sy verskyning gemaak na 'n besering wat sowat twaalf maande gelede opgedoen is. Menige Uitspanners het die vreemde voorwerp genader op soek na verskuilde talente tot groot vermaak van die ander inwoners.

Die klein koshuis het weereens sy groot gees bewys deur die eerste punte van Karnaval met sy suksesvolle Pukkie-verkope in te samel.

Ook met die trapkarvoorbereiding gaan dit voor die wiel (altans voor die wind). Die tye verbeter met elke oefening en daar word met groot verwagting uitgesien na die dag van afrekening.

Sêr het vanjaar weer sy doel van ons kosbare tyd geëis. Nadat al die "brommers" en "lalse" uit die groep verwyder is was daar geen keer meer nie. Daar is nie 'n kwartnoot nie (net halwes) afgewyk van die oorspronklike goed bedoelde musiek. Die gemengde sêr met Oosterhof was 'n groot fees.

Verder was daar 'n baie suksesvolle (?) kenmekaar aksie met Oosterhof geloods, met die oog op saamspan vir karnaval. Na 'n lekker braaivleis wat verantwoordelik was vir 'n abnormale styging in massa is 'n puik fliek vertoon wat sterk ooreenkom met die tradisies van die geliefde Cinepuk. Kussings en koue water het die moeë dames gou opgekikker. Die fees is letterlik en figuurlik op 'n hoë noot afgesluit.

Nou lê Karnaval voor. Die groot gees voorspel groot dinge. Mense, lekker werk en geniet die Karnaval.

N.S. Die "Volley-ball" uitdaging staan nog.

## Klawerhof

Die middag van 1 Maart was weer 'n kenmerkende "groot" middag vir Klawerhof. Weens die verskriklike uitgrawings hier neffens die koshuis wat dan meebring dat ons nie die daaglikse porsies ingeneem kry nie, was die dames van Klawerhof verplig om 'n plan te maak.

Na weke se beplanning is daar uiteindelik besluit op 'n plankbrug oor die gapende slote! 'n Volwaardige brug met wafferse handrelings, hoor!

Die volgende eregaste was teenwoordig by die inwyding: die hooggeagte S.S.R.-voorsitter, Mnr. Theuns Eloff, Mnre. Piet Odendaal en Jan Botha, primaria's van verskeie koshuise en natuurlik Mev. Piet Malan. Nadat Zoks die klip uit Mev. Malan se pad gerol het, het sy die plaat onthul: "Klawerhof" 'n Groot Karnaval vir '78!

Daarna is die inwyding beklink met 'n glasie sjampanje terwyl die res van die skare getrakteer is op 'n glasie wyn.

## Amajuba

Amajuba, bekend aan die Puk sedert 27 Februarie, beoog groot dinge vir die jaar, soos reeds waargeneem.

Ons maak van die geleentheid gebruik om die seniors te bedank vir hulle samewerking tot dusver. Ons vertrou dat dit die hele jaar so sal voortgaan.

Die rugby is voluit aan die gang en vertrou om die hoogste sukses dié jaar te bereik. Hulle beoog alreeds gedurende die Aprilvakansie 'n toer na Oos-Transvaal.

Baie geluk aan ons fietsry manne wat 'n vyfde plek met die mielielandfietstoer behaal het. 'n Puik totaal van 90 is bereik. Palm beoog interessante dinge vir die fietsry liefhebbers.

Voorspoed met alle bedrywighede gedurende die jaar.

## Vergeet-my-nie

Joe, en dit was groot!

Al die dames van Vergeet-my-nie stap met breë glimlagte rond. Nog nooit was karnaval so 'n fees nie. Vir al wat item is, was daar 'n Vergeet-my-nietjie.

Ons het Karnaval ingetrap en daaruit gejuig. Die standaardfietstoer het baie goed afgeloop en die ryers en die tegniese span sê: "Dit was 'n fees."

Van die Maandag af, het alwat sêrlid was, net gesing. Saam met Overs het almal naels gekou en oë toegeknyp. Dit was 'n malspul toe die wenners aangekondig is en toe dit ons en Overs is ... dit was groot!

As die gemengde sêr groot was, dan was die enkelsêr net nog groter. Weer eens het ons die verhoog as wenners bestyg. Asof dit nie genoeg was van ons musiektalent nie, was ons die enigste dameskoshuis wat 'n orkes ingeskryf het maar ons gee al die manne die eer ...

By al die ander dinge het ons nog die skopfietswedren ook gewen en tweede geëindig in die sokkerliga. Vir ons sussiekoshuis wat gewen het: "Baie geluk".

Vir ons eerstejaars wil ons 'n groot hand gee. Hulle Jodetegnieke het gesorg dat Vergeet-my-nie derde was van al die koshuise wat geldinsameling betref.

As ons eers begin bedank hou ons nooit op nie, maar die mense wat die grootste dankie verdien, is die H.K. en die manne van Overs. Die ruiker was pragtig. Die Vleimanne se liefde vir hulle trapkar het vir 'n geurige en fleurige voorportaal gesorg.

Om karnaval finaal af te sluit het ons Maandagaand gaan uiteet in Voorhuiseetsaal. Die kos was heerlike wyn, vis, en "mash"!

## Hiemat

Heimat se nuwelinge is al klaar tuis op die Puk en tot op hede verloop die jaar nog sonder probleme.

Reeds gedurende die afgelope maand het ons al verskeie aksies gehad met ander koshuise. Ons aksie met Wag-'n-Bietjie het baie goed afgeloop en ons het die koffie en koek baie geniet. Die tweede aksie met Oosterhof het as voorsmakie gedien vir Karnaval en ons het die aand voor die Sielkunde gebou deurgebring. Die springmielies en koeldrank het heerlik afgegaan, maar of die matrone van die musiek bokant haar woonstel gehou het, weet ons nie.

'n Kussinggeveg was Klawerhof se straf omdat hulle Heimat se een vlag gesteel het. Ongelukkig was dit 'n bietjie laat en kon hulle nie vir ons koffie gee nie.

Daarna is die groot fees gevier met Vergeet-my-nie. Na afloop van die fees is ons toegelaat om gou 'n koppietjie koffie te sluk en is toe vriendelik uit die weg geruim aangesien hulle 'n koshuisvergadering gehad het.

Wat Karnaval betref, hoop ons dat die Puk massa dit almal geniet. Heimat en Oosterhof poog ook om 'n groot sukses daarvan te maak.

Laastens wil Heimat probeer om hierdie jaar die akademie as van groot belang te beskou en ook om die jaar te eindig met die hoogste slaagsyfer.


**PRO REGE**

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid

- HANDBOEKE
- SKRYFBEHOEFTES
- EN WAT U OOKAL VAN 'N BOEKHANDELAAR VERLANG

PRO REGE-PERS BEPERK

"die Potchefstroomse boekhandel"

**Tomstraat 86 Potchefstroom**

**TEL. 8875**

## Caput

Karnaval is 'n tydperk in alle studente se lewe waarin algehele verslapping ten opsigte van studies intree.

Die karnavalgees loop hoog by Caput. Maandag reeds is 'n voorsmakie beleef, of hoe Ben? Die dames van Heide is bereid om hulle deel te bring in die Karnaval voorbereidings. Dankie dames. Dit wil voorkom asof ons 'n sukses gaan maak van Karnaval as die spanwerk in hierdie vroeë stadium reeds so heg is.

'n Voorbeeld van PUK gees is geopenbaar. Caput het reeds byna 10 000 Pukkies verkoop. Net jammer dat die tyd bietjie min is, anders was dit dubbeld die getal.

Met die amptelike uitslag van die Mielielandfietstoer hou Caput net styf duimvas dat by die reëls gehou sal word. Indien dit die geval is, baie geluk Caputters! Indien nie, het julle jul nogtans uitstekend van julle taak gekwyt.

Geniet karnaval, en dra jou deeltjie by want dán is ons verseker van 'n soete oorwinning.

## Klooster

Karnaval 1978 is verby en wat 'n karnaval vir Klooster!

Die manne se samewerking was puik en daarom kon ons op baie terreine sukses behaal.

Eerste plekke is verower in die swemgala en die Kaap-na-Riowedvaart. Ons was tweede in die gemengde sêr en ook in die enkelsêr. In die motorfietstydren, trapkarre en vlotte was ons derde, terwyl die vierde plek in die mielielandfietstoer deur die Kloostermanne ingeneem is. Hier het Tienie Bosman werklik presteer deur tweede in die individuele kompetisie te eindig.

Al hierdie dinge het, saam met die lekker gees in die koshuis gesorg dat ons tweede geëindig het in 1978 se karnaval.

Maar karnaval is, helaas, verby en die eerste kwartaaltoetse lê soos 'n giftige slang en wag vir dié wat nie voorbereid is nie. Kom manne, kom ons kap die akademie flou en maak hierdie jaar in alle opsigte 'n groot jaar vir Klooster.

## Dorp

Die "Berg van die Skones" is nou eers sy naam waardig – want die dames van Dorp het in hul massas in Thaba-Jäh ingetrek. Dit is die eerste jaar dat ons alleen saam met 'n manskoshuis karnaval hou. In die verlede moes ons altyd by 'n ander dameskoshuis inskakel en dit het die gees in 'n mate afgebreek. Hierdie jaar is egter 'n perd van 'n heel ander kleur. Die gees loop hoog en die Pukkie-verkope en die sêr het gesorg vir baie "sports".

Goeie bande is voor die tyd al gesmee met 'n braaivleis en is daarna versterk met pannekoek-braai. Is daar dalk enige koshuis wat ons wil uitdaag vir 'n "wie-kan-'n-pannekoek-die-hoogste-gooi" kompetisie? En raai net wie het gesorg vir die Tobie Cronje/Willem/Kootjie Emmer verrassing by die sêrkompetisie? Dis reg, niemand anders as dié karnavalpaar op die Puk nie – Dorp en Thaba-Jäh.

## Villagers

Vir die Villagers het karnaval in 'n groot gees begin en geëindig. Daar is lekker gewerk en "ge-social". Villagers het onder andere derde in die dubbelpaaltjie gekom, vir Hombré in die sewes verslaan en sou die vlotkompetisie gewen het, as die ongeluk ons nie so gery het nie.

Dankie aan al die manne wat so gereeld opgedaag het, ons sien julle by die rugbyoefening.

Aan al die dames van Wanda, 'n groot dankie, julle was oor die algemeen puik.

## Oosterhof

As jy dit tot nou toe nog nie besef het nie, kan jy nou nie meer anders as om agter te kom dat ons in die middel van karnaval is nie. Dis net planne: Planne vir vlotte, planne vir reklamesette, planne vir die beste sêrgroep en die belangrikste planne om te verseker dat ons karnaval gaan geniet.

Ja nee, Oosterhof hou karnaval! Ons is vanjaar in twee gedeel en die een helfte van die koshuis bou saam met Uitspan vlot, terwyl die ander deel hul ding gaan doen saam met Heimat.

Ons twyfel natuurlik nie aan die feit dat ons eerste en tweede plekke gaan kry nie. Wie eerste gaan kom, moet nog hier in die koshuis uitgespook word, maar ná al die aksies – dis nou braaivleis, inter-hotdog, saamsing, ens., is almal in OOSTERHOF dit nou eens: Heimat en Uitspan se gelyke moet nog gesoek word. Waar kry jy dan nog 'n koshuis wat so 'n aksie kan reël soos Uitspan. Die lekkerste braaivleis en daarna die heel lekkerste fliek. So sonder om 'n sent te betaal. Baie dankie ... en ons "like" julle!!

Dit wil al vir ons voorkom asof Oosterhof 'n karnavalpersent gaan kry. Miskien kan Klawerhof ook hier bygereken word. Dit lyk asof die Ooster-Klawer-canyons nou ook stadig besig in om te vul. Miskien sal ons tóg met karnaval of miskien net daarná weer vrylik op ons gronde kan beweeg sonder dat dit nodig is om bergklimtoerusting oral met jou saam te dra. Moedhou en vasberadenheid is die wagwoord!

Tannie Annetjie, Oosterhof wil ook net hier vir Tannie sê, Tannie is die heel bakste tannie wat Oosterhof nog ooit getref het en ons verlang al klaar. Onthou 'n bietjie om af en toe te kom kuier.

Wil julle graag die twee wenvlotte bou? Kom kyk gerus Saterdag na Oosterhof se twee vlotte. Wil julle graag 'n wengees sien, hou vir Oosterhof dop.

Wil julle graag 'n wenkoshuis sien? KOM KYK NA OOSTERHOF!!!

## Wanda

Toe hulle op Saterdag weg gespring het, was hulle te bang om te praat, omdat 'n hele 100 km vir hulle gewag het. Nou egter – na voltooiing is hulle te oorstelp om te praat.

Nadat ses "mal" dames van WANDA besluit het om tot in Vereeniging te hardloop, was daar geen keer aan hulle nie. Tyd vir voorbereiding was daar nie juis nie en daarom het sommige vandag nog stywe spiere. Dit was 'n gewone groep dames, waarvan slegs twee aktiewe atlete was – 'n hoogspringster: Christine van der Vyffer en 'n middelafstander: Vlooi Fouché.

Verder was daar twee hokkiespeelsters: Anita de la Porte en Carina Swart, selfs 'n kamermaat Julie Grobler en twee eerstejaars Estelle du Plessis en Elna Roets. Almal het uitgevind dat hulle tot meer instaat is as net sleep – swot – slaap!

Daar was beoog om die afstand in 10 ure af te lê. Dit sou 'n rekord wees aangesien dit tot dusver deur geen dameskoshuis aangepak is nie. Groot was hulle verbasing toe hulle om halftwee deur 'n verkeersman deur Vereeniging se strate begelei was.

Dit was 'n ver pad, maar hulle het die hele pad gehardloop (op 'n aflosbasis). Hulle het dit nog swakker geniet ook!

Afstande van 1 tot 4 kilometer is afgelê en daar was geen beserings of ongelukke nie.

Wanda is trots op hulle ses "mal-staat-dames!"

## Treffers Parade op Radio Voor

**Geagte manne van Over de Voor, na 'n lang tyd van fisiese inspanning sien ek julle is weer terug op die plaas. Ek, Dr. PHYBS, heet julle hiermee almal welkom, alhoewel julle alreeds met my kennis gemaak het en 'n paar manne al deurgeloop het. Onthou net, ek lê wel laag, maar ek weet wat aangaan.**

Net een vraag met die intrapslag: Sleep julle nog jul pond vleis met die wa deur die drif? Dit wil vir my voorkom asof daar heelwat van julle is wat eerder die meisies deur die duikweg sleep. Kry julle prioriteit reg en behou die tradisies.

Over de Voor se treffersparade gaan nog steeds voort, alhoewel dit nie altyd oor Radio Voor uitgesaai kan word nie. Die Buffels en Makoue ryk dalk dan na nog hoër gesag, die eersteminister van Tarentaal om hul klag te lê, of is dit dalk eiers?

Augustus en Vis loop voor met die treffer, "I can't keep it in," en jaag daarmee die katte weg wat ons pla."Waterloo" is egter nie ver agter hom nie, vra maar die ADK-lid en speurders van die Boksoms.

Jan Rum Radar Fosfor piesang Seringar Spar se "Blue eyed Girl" is besig om te klim pas op! "Jack of diamonds" van Dom Hollander is nie meer so sterk op die voorgrond soos verlede jaar nie. As hy meer Brug kan speel sal sy perd beter hardloop – nie jy nie, Jäger!

Trynsman se komposisie, "Die Kopbeen-Special" gespeel deur The Skeletons met Kierie en Nols as leiers wil maar net nie inslag vind by die manne nie. Vandat Haas Das se Nuuskas verdwyn het, het die muis meer seggenskap as hy, veral na oriëntering. In teenstelling hiermee het Troffel se Rietdak huisie goeie ondersteuning by ou Willian gekry. In dieselfde bootjie of Strooisie?

"Superman" is egter af want dit is nog net Stanly wat van verlede jaar af sy spiese kan wys. Selfs Jean het hom verlaat en hou meer van "Follow Me".

Willem en Kie – Ek weet julle hou van "Sunday Morning Coming Down", maar oppas tog vir "Babbelaria" deur Blocking Tackle.

Sukses met die Sewes manne, ek weet julle kan, so nie oppas vir my sambok. Ek is die jaar nog steeds hier, maar ek sal my meer toespits op kamerbesoek. Eerstejaars, ek kom op die Wit Olifant. Sluipers, ek het my watersakke.

**Dr. PHYBS.**

# *Klooster en Vergeet-my-nie wen Gala*

**Klooster en Vergeet-my-nie het die jaarlikse swemgala, wat op 6 Maart gehou is, gewen.**

Klooster se oorwinning kan grotendeels toegeskryf word aan die pragtige vertoning deur Marthinus Loots. Marthinus het die mans vryslag, vlinderslag, borsslag en rugslag in baie goeie tye gewen en daarmee 24 punte vir sy span ingesamel het.

M. Spoormaker van Vergeet-my-nie het haar deel bygedra deur twee items te wen.

Wat veral opvallend was, was die pragtige spanpogings waarmee die onderskeie koshuise vorendag gekom het. Hombré het met tweede en derde plekke daarin geslaag om vier punte agter Klooster te eindig.

Klooster het bewys dat hulle baie veelsydige 'sports' manne is deur die bieraflos maklik te wen. Dorp se dames het die pajama aflos gewen.

Die uitslae was soos volg:

**33m Vlinderslag (dames)**
1) M. Spoormaker – Vergeet-my-nie 19,5 s.

**33m Vlinderslag (mans)**
1) M. Loots – Klooster 16,3 s.

**66m Borsslag (dames)**
1) J. Homan – Wag-'n-Bietjie 51,6 s.

**66m Borsslag (mans)**
1) M. Loots – Klooster 43,9 s.

**66m Rugslag (dames)**
1) J. Homan – Wag-'n-Bietjie 47,5 s.

**66m Rugslag (mans)**
1) M. Loots – Klooster 40,2 s.

**66m Kruipslag (dames)**
1) M. Spoormaker – Vergeet-my-nie 38,8 s.

**66m Kruipslag (mans)**
1) M Loots – Klooster – 34,5 s.

**Finale puntestand:**

**MANS:**

| | |
|---|---|
| 1) Klooster | 34 |
| 2) Hombré | 30 |
| 3) Thaba Jäh | 16 |
| 4) Overs | 11 |
| 5) Caput | 3 |

**DAMES**

| | |
|---|---|
| 1) Vergeet-my-nie | 41 |
| 2) Wag-'n-Bietjie | 27 |
| 3) Kulu | 10 |
| 4) Karlien | 8 |
| 5) Dorp | 5 |
| 6) Oosterhof | 5 |

# *Karnavalsport sorg vir opwinding*

**Die sewemen rugby het weer eens 'n hele paar hoogtepunte opgelewer.**

Die onderskeie koshuisondersteuners het geesdriftig hul spanne van die kantlyn af toegejuig. Oor 'n ver afstand kon daar gehoor word waar Caput speel en wanneer dié span punte aanteken.

Caput het dan ook heel maklik die sewes gewen deur Thaba Jäh in die eindrondte met 22-0 te klop. Hombré en Klooster het saam derde geëindig.

Die dubbelpaaltjie krieket is deur Amajuba gewen. Hier het die dorpspanne goed gevaar. Oppikant en Villagers het onderskeidelik tweede en derde geëindig.

Departement Spraakleer en Drama

AANBIEDINGS IN DIE DEPARTEMENT VIR 1978

**P.U.-KAMERTONEEL**

| | | |
|---|---|---|
| Die Tweekoparend<br>(Jean Cocteau)<br>Regie: Teunis Botha | 6, 7, 8, 9, 13, 14, 16 Maart<br>10, 11, 17, 18 Maart | 19h30<br>17h30 en 21h00 |
| Sanger van die Suikerbosrand<br>(A.G. Visser)<br>Regie: Paul Schutte | 8 April<br>10, 11, 12 April<br>7 April | 18h00 en 21h00<br>19h30<br>18h00 |
| Die Bediendes<br>(Jean Genet)<br>Regie: Liesbet Schoeman | 8, 9, 10, 11, 15, 16 Mei<br>12, 13 Mei | 19h30<br>18h00 en 21h00 |
| Siener in die Suburbs<br>(P.G. du Plessis)<br>Regie: Aldo Behrens | 25, 26, 27, 29, 30 Mei | 18h00 en 21h00 |
| Die Cenci's<br>(Antonin Artaud)<br>Regie: Leon Cloete | 26, 27, 28, 29 Junie<br>23, 24 Junie | 19h30<br>18h00 en 21h00 |
| Debuut '78<br>Regie: Elize Scheepers | 9, 10 Augustus<br>11, 12 Augustus | 19h30<br>18h00 en 21h00 |
| Die selfmoordenaar<br>(Nikolai R. Erdmann)<br>Regie: Peet v. Rensburg | 2, 3, 5 Oktober<br>29, 30 September<br>6, 7 Oktober | 19h30<br>18h00 en 21h00<br>18h00 en 21h00 |

**SJORDÉ**

| | | |
|---|---|---|
| Hoekom issie hoek om nie<br>Regie: Bet Botha | 27 Februarie - 3 Maart | 13h10 - 13h50 |
| Piekniek op die Slagveld<br>(F. Arrabal)<br>Regie: Leon Cloete | 28-31 Maart | 13h10 - 13h50 |
| Die lewe is 'n grenshotel<br>(H. Aucamp)<br>Regie: Henk Wybenga | 22 - 26 Mei | 13h10 - 13h50 |
| Die Pedagoog (J. Saunders)<br>Regie: Liesbet Schoeman | 14 - 18 Augustus | 13h10 - 13h50 |
| Die sandkis (E. Albee)<br>Regie: Teunis Botha | 11 - 15 September | 13h10 - 13h50 |




# Alabama is Professionele Amateurs

**Die Alabama Studentegeselskap het weer eens van 1-4 en 9-11 Maart hulle ding op die kampus gedoen. Die klank, kleur, beweging en spontaniteit het baie goed in die gees van Karnaval gepas.**

Die choreografie van Geoffrey Sutherland was uitstekend en goed gemotiveerd. Die verhoogruimte was goed gevul en daar is mooi lyne getrek. Met die uitvoering van "freedom" het 'n mens die gevoel van vryheid gekry. Mnr. Sutherland het die basiese beweging daargestel en elkeen kon sy eie persoonlikheid daarin projekteer.

Suzette Eloff se solo uit die musiekblyspel "The Me Nobody Knows" het 'n baie professionele stempel gedra. Dit en die groepuitvoering van "To Life" was myns insiens die hoogtepunte. Die artikulasie van die lirieke was ook nie altyd duidelik nie. Die fout kan moontlik by die klankmenger lê.

Die orkes se bydrae tot die produksie was deurgaans afgerond. Dit was ook lekker om soms nét na die orkes te luister.

Die ou tannie wat kortkort op die verhoog rondgedrentel het, was heeltemal ongemotiveerd en onnodig. Die groot publiek kon nie verstaan wat sy daar soek nie.

Die vonkel van Alabama het verdwyn. Dit was hinderlik dat slegs individue, en nie die groep as geheel, gesprankel het nie. Ek aanvaar dat van hulle moeg is, maar "the show must go on".

Die sketse van die komediante was soms goed, maar dit het nie altyd die trefkrag gehad wat dit moet hê nie. Isobet Kok het deurgaans 'n intelligente vertolking gelewer, terwyl Hans Schalkwyk met sy slap litte 'n mens altyd laat lag. Kobie Nortjé is eerder 'n rugby-afrigter as 'n ou man.

Revue '77/78 is, as in ag geneem word dat die geselskap amateurs is, baie professioneel aangebied. Sedert die groep sy eerste revue in 1967 aangebied het, het hy al in 170 stede en dorpe opgetree, altesame 374 opvoerings gegee, 12 langspeelplate gemaak en in vier televisieprogramme opgetree.

Dit skyn asof Alabama op sy ou sukses teer. 'n Verandering (nie noodwendig die styl nie) kan 'n tweeledige effek hê. Die publiek kan voel dat dit nie meer Alabama is nie, maar dit kan egter ook positief en verfrissend wees. – **G.S.**



*Reg geraai! Alabama se 1978 Revue.*

*Kunstige choreografie deur Geoffrey Sutherland was kenmerkend van Alabama se Revue.*



# BEKENDE BRAHMS WORD VOORGESTEL

**Hoewel die naam van die Duitse komponis, Johannes Brahms, feitlik 'n huishoudelike woord by baie is vanweë sy alombeminde Wiegeliedjie, is sy pragtige musiek origens betreklik onbekend.**

Die Departement van Musiek bied egter met genoeë 'n musiekkonsert aan om van sy musiek bekend te stel op Woensdagaand 22 Maart, in die Konservatoriumsaal, as die derde van die reeks Collegium Musicum-konserte.

Hierdie program sal bestaan uit liedere, tjello- en klavierwerke. Die kunstenaars wat hieraan sal deelneem, is die alombekende en gewilde Rina Hugo (sopraan), Werner Nel (bariton), Elize du Toit (alt), Bertus Schrap (tenoor), Human Coetzee (tjello), Minette Joubert (klavier), Pieter de Villiers (klavier) en Hennie Coetzee (klavier).

'n Gewilde kunstenaar, soos die bariton Werner Nel, lok altyd wye belangstelling en groot gehore vanweë die voortreflike, bekoorlike kwaliteite van sy mooi en afgeronde stem asook sy aangename verhoogspersoonlikheid. Hy sal 'n groep Brahmsliedere sing.

Minette Joubert het reeds plaaslik bekend geword vir haar sensitiewe en musikaaldeurdagte klaviervoordrag. Haar uitvoering van Brahms se Intermezzo's Op. 116, sal haar volop geleentheid bied om weer eens genoemde kwaliteite te bewys.

Een van die hoogtepunte van die aand sal ongetwyfeld die voordrag van die groep pragtige Liebeslieder-wälzer van Brahms wees. Van al sy werke het hierdie siklus ongetwyfeld die meeste daartoe bygedra om van hom 'n bekende komponis te maak. Dié groep van 18 liedere word deur 'n besonder interessante besetting uitgevoer, naamlik die kwartet met Rina Hugo (sopraan), Elize du Toit (alt), Bertus Schrap (tenoor) en Werner Nel (bariton), begelei deur 'n klavierduo met die bekende pianiste, Pieter de Villiers en Hennie Coetzee.

Ewe uitstaande sal die voordrag van Brahms se tegnies moeilike maar besieldskone tjellosonate in E-mineur, deur Human Coetzee, wees. Hy word deur sy bekende vader, prof. Hennie Coetzee begelei, wie se puik musikale voordragte altyd die hoogste waardering verdien.

Dié aand sal egter op 'n luisterryke wyse afgesluit word as Human ook nog die eerste prys ontvang vir 'n landswye voordragkompetisie wat hy verlede jaar verower het. Dié kompetisie was deur die F.A.K. aangebied en die voorsitter van die musiekkomitee, Dr. Anton Hartman, sal die prys aan hom oorhandig. Dit is 'n gepaste afsluiting vir een van Potchefstroom se begaafdste seuns wat eersdaags na Duitsland vertrek om hom intensief op tjellovoordrag te gaan toelê. Ons beste wense vergesel hom



*Die kwartet wat tydens die Brahmsaand 18 liedere gaan uitvoer. Hulle word begelei deur Pieter de Villiers en Hennie Coetzee. V.l.n.r. Werner Nel, Bertus Schrap, Elize du Toit en Rina Hugo.*



*Dis nis baie moeilik om te raai hoekom Overs die manssêr gewen het nie.*

# *Sêr-kompetisie vol hoogtepunte*

**Die sêr-kompetisie van 1978 was seker van die hoogste standaard in 'n lang tyd.**

Maandagaand 6 Maart het mans- en dameskoshuise saam meegeding in die gemengde sêr-kompetisie. Buiten die punte wat hulle sou kry, het die wenners en naaswenners ook die geleentheid gekry om later die aand oor studente-varia op te tree.

Met goeie sang en spontaniteit het Over de Voor en Vergeet-my-nie hierdie afdeling verower. Klooster en Wag-'n-Bietjie wat tweede was, het ook baie goed gesing, maar volgens die beoordelaars was die groep nie spontaan genoeg nie. Liberalia en Klawerhof was derde.

In die dames se enkelsêr die Dinsdagaand, het die beoordelaars gewis nie 'n maklike taak gehad nie. Hulle keuse het uiteindelik op Vergeet-my-nie as wenners geval met Karlien en Klawerhof onderskeidelik tweede en derde.

By die manskoshuise het Over de Voor weereens 'n uitstekende spontaniteit gehad en saam met goeie sang was hulle oorwinning verseker. Klooster en Caput was gesamentlik tweede en Amajuba het vir 'n verrassing gesorg deur derde te eindig.

# Paul se rekord

**Daar is landwyd 'n nuwe Paul McCartney-album te koop. Hierdie album, London Town, (E.M.I. Brigadiers) beloof om net so 'n goeie verkoper te wees as sy vorige Wings-plate.**

Daarby verkoop sy jongste solus-sewe treffer Mull of Kintyre wêreldwyd soos geen ander Britse plaat ooit voorheen nie. In Januarie reeds het die kortspeler die tweemiljoen-kerf verbygesteek.

Die vorige rekord was in 1963 toe die Beatles se She loves you 1,6 miljoen van verkoop is. Dis nogal gepas dat 'n oud-Beatle die vorige rekord oortref.

Ongelukkig sal McCartney aanhangers nie Mull of Kintyre as 'n snit op London Town vind nie. McCartney het blykbaar 'n beginselvaste reël dat sy solussewe treffers nie op sy langspelers mag verskyn nie.

'n Mens wonder of hy dink Mull is nie goed genoeg nie . . .?

# CANTARE KOOR TREE OP

**Op Vrydagaand 31 Maart, bied die Musiekdepartement met trots 'n uitvoering deur die Cantare Dameskoor, onder leiding van Helena Strauss, aan as die eerste van die reeks Meesterkonserte.**

In Suid-Afrika word die naam van Helena Strauss onwillekeurig met kooraf-rigting geassosieer en veral as leier van die Cantare Dameskoor. Hierdie groep het met ywer oor die jare 'n wye repertorium van koorwerke ingestudeer, in die besonder van Suid-Afrikaanse komponiste. Die koor beskou dit as hulle besondere voorreg om vanaand slegs interessante en mooi werke van Suid-Afrikaanse komponiste aan te bied.

Bekende komponiste, soos Blanche Gerstman, Chris Lamprecht, Pierre Malan, Arthur Wegelin, Hennie Joubert en Anton Kratz, se name sal op die program verskyn. Van besondere belang is egter die name van proff. Pieter de Villiers, wie se Siklus vir dameskoor, Vreemde Prooi, 'n eerste uitvoering sal geniet, en Hennie Coetzee se Die Wêreld is ons woning nie. Beide hierdie komposisies is opgedra aan die Cantare Dameskoor.

Die Cantare Dameskoor het hulle eerste konsert twintig jaar gelede op 5 September 1958, in Pretoria, gehou. Sedertdien het die koor, naas talle konsertoptredes, gereeld aan radiouitsendings deelgeneem, plaatopnames gemaak en saam met orkeste van die SAUK en TRUK, uitvoerings gegee.

Verlede jaar het die Cantare 'n luisterryke Kunskonsert vir TRUK in Pretoria aangebied, met slegs komposisies van Suid-Afrikaanse komponiste. Dié werke was besonder goed ontvang, deur kenners sowel as die breë publiek. Die Cantare werk met toewyding en besieling en streef daarna om 'n positiewe bydrae tot die musikale groei en kulturele ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse volk te maak.



*Lee Bres saam met Prof. Ballot, afgeneem tydens die opening van Lee Brews se kunsuitstalling op 6 Maart, in die Frans du Toit-gebou se uitstallingslokaal.*

*Die redaksie vra om verskoning vir die tegniese fout in Die Wapad van 3 Maart 1978. Die foto is van Keith Ashborn en Prof. Ballot. Keith Ashborn is 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar wat onder andere juwele maak.*

# PUKKE VS DIGGERS

**Vyf van die Puk-spanne speel Saterdag 18 Maart op Springfield teen die sterk span van Diggers.**

Om 'n uitslag vir die wedstryd te voorspel is baie moeilik. As daar egter na die spanne op papier gekyk word, is Diggers die onbetwiste gunsteling.


Diggers se vyf vaste voorspelers, met manne soos Richard Prentis, Johan Strauss, Kevin de Klerk en Moaner van Heerden is skitterend. Verder spog hulle met twee vinnige vleuels soos Carel Fourie en Johan van Wyngaardt.

Die Puk kan egter die foute van Oscar van Rauenstein en Mark Fourie, die skakelpaar van Diggers, uitbuit. Die twee mans sukkel nog baie om mekaar te vind.

Beide spanne sal so min as moontlik moet foute maak, want albei spanne beskik oor goeie stelskoppers. Carel Fourie het juis verlede naweek Diggers teen Harlequins laat wen met 'n strafskop in die laaste minuut.

Met die wedstryd teen Wits het die Pukke bewys dat enige span sal sukkel om deur hulle verdediging te dring.

Nog 'n swak skakel in die mondering van Diggers is sy drie losvoorspelers. Die beheer van die losbal kan 'n groot invloed hê op die uitslag van die wedstryd. Speel James Stofberg soos hy teen Allen Sutherland gespeel het, is die stryd halfpad gewonne. Sutherland was in die tweede helfte heeltemal geneutraliseer deur die lostrio van die Puk.



*Kallie Knoetze lees die sportmanskode aan die Pukke voor.*

# *Mooirivierfees gee kleur aan karnaval*

**Karnaval het vanjaar een van sy hoogtepunte bereik met sy unieke Mooirivierfees. Duisende studente het aan die feestelikhede deelgeneem. Die hoogtepunt was die SUPA-kompetisie waartydens sportlui soos Kallie Knoetze, Dawie Malan, Pierre Spies, Fanie van Zijl, Vlam Nieuwenhuizen, en andere, deelgeneem het. Die kroon is gespan toe Anneline Kriel, mej. wêreld van 1975, deel aan die feestelikhede kon hê.**

Die amptelike opening van die Mooiriviierspele is waargeneem deur prof. Gert Scholtz, een van die inisieerders van die spele in 1977.

In 'n onderhoud met Prof. Scholtz het hy daarop gesinspeel dat dit tyd geraak het dat die PUK sy eie skoonhede bekroon soos wat eie briljante sportlui reeds bekroon word. "Kom ons noem die skoonste onder ons skones ons eie Mooiriviernooi in plaas van 'n Joolkoningin of soiets dergliks." Vanjaar se Mooiriviernooi was dan niemand minder as die skone Anneline Kriel nie. Die vraag is wat volgende jaar gaan gebeur.

Ook het hy die wens uitgespreek dat die Mooiriviervallei ontwikkel sal word om 'n natuurpark te vorm, wat bewandel kan word van die dam af tot by Grimbeckpark. Potchefstroom beskik potensieel oor die mooiste vallei in die land; dit wag net op ontwikkeling sodat ons studente, dorpsbewoners en besoekers dit ten volle kan benut. Die Mooivallei het 'n romantiek van sy eie. Ons moet dit ontwikkel tot iets moois sodat ons in die toekoms nog groter luister aan ons Mooirivierspele kan gee, het hy gesê.

**Mooirivier Folkloor**

Baie liedere wat volksbesit geword het, besing die romantiek van die Mooirivier. Dink aan **Sarie Marais, Roos van Mooirivier se vlakte,** en vele ander, om nie eens van die ryke variasie van studenteliedere te praat nie. Dis tyd dat hierdie liedere in een platebundel versamel word en deel moet word van die Mooirivierspele. Dalk lê dit op die terrein van Alabama, het hy voorts gesê.

Uit die groot ondersteuning wat die Mooirivierspele vanjaar geniet het, het dit duidelik geword dat hierdie fees gekom het om te bly. Dit het 'n eie karnavaltradisie ontwikkel, skaars twee jaar nadat dit begin is. Dit vind spontane byval by ons studente en kan vorentoe ontwikkel tot een van die grootste karnavalprettighede wat ons ken.

Verslaggewers en televisiekommentators was baie in hul skik met die spele. Hulle was uitgesproke dat dit een van die mees unieke fasette van ons karnaval is, iets wat slegs die PUK kan aanbied. Geen ander universiteit beskik oor soiets nie, was die kommentaar van Michiel Steenekamp van SAUK-TV faam.

Voorwaar, vanjaar se Mooirivierspele was iets uniek en baie prettig. En die vooruitsigte is goed dat die spele van 1979 nog groter sal wees.

Hierdie suksesvolle spele is te danke aan die organisasie van die Departement Sport en Ontspanning.

**Uitslag:**

| | | |
|---|---|---|
| 1. | Pierre Spies | 79 |
| 2. | Flame Niewenhuizen | 66 |
| 3. | Dawie Malan (Derde op grond van die fietsitem) | 66 |
| 4. | Fanie van Zijl | 60 |
| 5. | Dawid Rabie | 59 |
| 6. | Naas Botha | 50 |
| 7. | Kallie Knoetze | 41 |
| 8. | A. de Beer | 36 |
| 9. | Hugh Baiocchi | 35 |
| 10. | François Stander | 33 |
| 11. | Willem van Riet | 31 |

## ● Manshokkie

# Twee spanne vir P.U.K.

**Binnemuurs – Soos verlede jaar toe die P.U.K. I manshokkiespan, die klubkampioene was van die Suid-Transvaalse streek, het hulle hierdie seisoen reeds op 'n hoë noot begin.**

Hierdie seisoen is daar twee manshokkiespanne wat die P.U.K. daar verteenwoordig.

Sommer met die wegspring het die eerste span 5-3 gewen teen Roadrunners en die tweede span het ook nie op hulle laat wag nie en hulle teenstanders Cavaliers met 'n puntetelling van 2 - 1 verslaan.

Nadat die eerste span hul aanpassingsprobleme uitgestyk het het hulle hul veel sterker teenstanders, Vereeniging, in hul tweede wedstryd 7 - 3 geklop. Die tweede span wat hierdie jaar vir die eerste keer in 'n binnemuurse liga speel, het egter bedroë daarvan afgekom en met 2 - 10 teen Vanderbijlpark verloor.

# Pukke wen Krieket

**Die Pukke het hul krieketwedstryd teen Stilfontein op die eerste beurt gewen.**

Stilfontein is ingestuur om te kolf en kon slegs 200 lopies aanteken. Dit het aanvanklik met die Pukke nie goed gegaan nie, maar danksy 'n pragbeurt deur Michael Carlisle 82 en Welman se 30 nun. het die Pukke 20 3/6 aangeteken.

Met die oorwinning het die Pukke verseker dat hulle vanjaar die Scorgia-beker wen.

Die Ibbies het ook hul wedstryd teen Delfos op die eerste beurt gewen. Die Ibbies het goed gevaar met die kolf en 277/7 aan te teken. Delfos kon slegs 125 lopies aanteken. Willie Kitching was die man wat die verwoesting gesaai het met 'n boulontleding van 4/19. Ferreira het self baie goed geboul deur 2/11 te neem.

# Trapkarwedren vind groot byval

**Die trapkarwedren was een van die sportsoorte wat die meeste aandag geniet het tydens karnaval.**

Maande voor die tyd is daar dag vir dag geoefen om fiks te word. Sommige trapkarre is vir meer as R500 laat bou.

Die manskoshuise van die Puk het almal ingeskryf en van die dames het slegs Heide aan die wedren deelgeneem. Inskrywings van ander universiteite is ook ontvang. YSKOR het twee inskrywings gehad.

Om 14h00 het die wedren begin en sommer van meet af aan was dit duidelik dat elke span vasbeslote was om te wen.

Vir ses moordende ure het die ses lede van elke span alles in die stryd gewerp. Om sake verder te bemoeilik het 'n harde reënbui laat die middag uitgesak en die deelnemers se uithouvermoë tot die uiterste beproef.

Drie damesspanne het deelgeneem en het selfs sommige van die mansspanne in die stof laat byt – letterlik en figuurlik.

Die wedren was ook nie sonder ongevalle nie. Kortkort is 'n baal flenters gery. Wanneer die stof gaan lê het kon 'n mens 'n gebuigde wiel of stukkende trappe sien.

Dit is jammer dat Caput se beste span hulle aan die wedren moes onttrek het. Hulle nuwe trapkar kon nie betyds klaar wees nie en 'n groot deel van die opwinding het as gevolg hiervan verlore gegaan.

Nadat deelnemers van ander universiteite buite rekening gelaat is, het Amajuba die wedren gewen. Over de Voor was tweede en Klooster derde.



*Kyk net hoe help die manne mekaar. Elke sekonde is kosbaar sodat daar soveel rondes as moontlik afgelê kan word.*


**MOOIRIVIER PADKAFEE**

**verskaf**

**GEKOOKTE ETES**

**van Maandag tot Vrydag teen R1,30**

**SPESIALE SONDAGETES TEEN R1.50**

**ONS IS ELKE AAND TOT MIDDERNAG OOP,**

**behalwe Dinsdagaande slegs tot 22h00.**

**Skakel tel. 21538 vir bespreking**

**MOOIRIVIER PADKAFEE**

**(Net anderkant Noordbrug op Carletonville-pad)**

**Kom geniet u Sondagmaal by ons!**

—P3861/7

# SKITTERDRIE BEKLINK INTERVARSITY

**'n Pragdrie laat in die tweede helfte deur Daan Weitz, het gesorg dat die PUK sy derde agtereenvolgende "intervarsity" met 17-12 wen.**

Die wedstryd het nie baie hoogtepunte opgelewer nie, maar soos enige intervarsity was dit 'n harde stryd tussen die twee spanne.

Wits was rustyd met 9-3 voor nadat senter Brian Swanson met drie strafdoele geslaag het. Hy het in die tweede helfte nog een aangeteken om sy persoonlike bydrae op twaalf te staan te bring. Dit was ook al punte wat Wits kon aanteken.

Die Pukke het na rustyd vlamgevat en die spel in alle opsigte oorheers. Die PUK agttal het met mening ingeklim en baie goeie balle aan die agterlyn besorg. André Markgraaff en Johan Strydom, die twee slotte, het skitterend gespeel en die lynstaanstryd met 21-9 oorheers. James Stoffberg het ook 'n groot rol in die lynstane gespeel en was deurgaans baie prominent in die los.

Die Pukke het deurgaans skitterend verdedig. Die feit dat Wits geen drieë kon aanteken nie, is hier 'n bewys.

Wits het in die eerste helfte geskitter in die losspel, maar in die tweede helfte het PUK die botoon gevoer. Allan Sutherland het goed vertoon in die eerste helfte en met 'n paar goeie lopies vorendag gekom. Colin Blythe-Wood, flank, het deurgaans 'n puik wedstryd gespeel.

Willie Smit is vroeg in die eerste helfte sodanig beseer dat hy die veld moes verlaat. Gerhard van Wyk, die Ibbies se losskakel, het hom vervang en het hom goed van sy taak gekwyt as in ag geneem word dat hy reeds 'n wedstryd gespeel het.

Die Pukke het in die tweede helfte drie drieë aangeteken nadat André Markgraaff in die eerste helfte met 'n strafdoel geslaag het.

Boeram Venter het oor die doellyn gestorm na 'n vryskop en daarmee die telling op 9-7 te staan gebring. Nadat Brian Swanson met 'n strafdoel geslaag het, het Crafford 'n drie aangeteken. Craffies het 'n skop van Theuns Eloff opgevolg en die bal toegeval.

Daantjie Weitz het elke PUK ondersteuner laat juig toe hy in die 39ste minuut 'n pragdrie aangeteken het. Nadat die hele agterlyn die bal gehanteer het, het hy die bal op sy eie tientreë-lyn gekry, sy opponente pragtig gefnuik en onder die pale gaan druk. Jan Tiedt het met die vervyfskop geslaag.

Kort hierna het die eindfluitjie geblaas met 'n klomp juigende Pukke op die pawiljoen.



*Duidelik kan die vreugde op die gesigte van die PUKKE gesien word kort nadat Daan Weitz die wendrie gedruk het.*

# Sportpersoonlikheid van die Maand

**Vanaf die eerste oomblik wat 'n mens te doen kry met die atleet, Louis Liebenberg, skyn dit duidelik te wees dat hy 'n atleet is met daardie ekstra iets, dié iets wat gewoonlik deel uitmaak van 'n kampioen.**

Hy het in 1972 so tussen die rugby deur besluit om sy lyf by atletiek in te gooi. Na 'n derde plek op Lichtenburg Hoërskool se huissport, het hy met Mnr. Barry Richter, sy huidige afrigter, begin onderhandel. Mnr Richter vertel vandag dat hy in 1972 werklik gedink het dié outjie het baie moed, aangesien sy huissport (boksesport) nie 'n goeie getuigskrif vir hom was nie.

Louis het begin en in 1972 vir seuns onder 14 'n beste tyd van 2:16 in die 800 m gehardloop. Hy was reg vir harder werk. In hierdie jaar het hy hom slegs by die 800 bepaal. Hy het vir die eerste keer in 1973 (onder 15) die 1 500 aangedurf en 'n tyd van 4:24 sek behaal. Binne 'n jaar het hy sy tyd afgebring tot 4:5,5 sek.




*Louis Liebenberg, die atleet wat op die PUK vir die vinnigste opgang gesorg het.*

Louis het sy eerste S.A.-titel as onder 17 seun (1975) in die 1500 m met 'n tyd van 3:54 sek gebuit. Hierdie jaar het hy derde geëindig in die 800 m. In sy eerste onder 19-jaar breek hy deur die 4 minute en wen die 1500 m op die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe met 'n tyd van 3:53,5 sek. Op dieselfde kampioenskappe het hy 'n uitstekende 800 binne 1:52 sekondes gehardloop. Gedurende dié jaar eindig hy vierde op die Suid-Afrikaanse Seniorkampioenskappe.

In 1977, sy tweede onder 19-jaar, was hy ietwat ongelukkig. Hierdie jaar bots die 800 en 1500 op die program en hy besluit toe maar uit radeloosheid om die 3000 m aan te pak en hoop toe maar net vir 'n redelike plek. Teen alle verwagtinge in wen hy die titel in 'n tyd van 8:29 sekondes. Dit was 'n verbetering van 16 sekondes op sy vorige beste tyd van 8:45. Die 1 500 waarvoor daar eintlik gewerk was breek aan – maar hy word raak getrap. Dit was sy grootste teleurstelling ooit.

Drie weke voor die Dalrimple '77 doen hy 'n kniebesering op en moes hy weer eens drie weke aflê.

Vandag is die besering iets van die verlede en na 'n harde Desemberprogram en 'n tweede plek op die Suid-Afrikaanse Landloopkampioenskappe, is Louis weer reg vir groot dinge. Hiervan getuig sy 1 500 m tyd op die Sanlam-uur-byeenkoms gehou op Sasolburg vroeër vanjaar. Dit, asook sy tyd op die Bill Troskie Byeenkoms, 'n blitsige 8:20 in die 3 000 m, was sy beste tye tot op daardie tydstip van sy loopbaan. Maar om sy vooruitgang verder te beklemtoon laat spat hy in die 1 500 m, op die Eierraad Byeenkoms twee weke gelede met 'n tyd van 3:48,8. Die spannende wedloop teen die Springbok Ewald Bonzet lê nog vars in die geheue.

In 1976 breek die hoogtepunt van sy loopbaan aan toe hy gekies is vir die span wat na die Olimpiese Spele in Montreal gegaan het. Ander spanlede was Heidi de Kock en Petro van Rensburg. Hierdie prestasie beskou Louis as dié hoogtepunt van sy loopbaan.

Louis meen dat die volgende eienskappe van uiterste belang is vir 'n middelafstandatleet: wilskrag, deursettingsvermoë, geloof in jouself – so belangrik soos al drie tesame; geloof in jou afrigter en geloof in jou Skenker.

'n Atleet moet bereid wees om tot op die droesem te gee en te werk. Louis skryf omtrent al sy sukses toe aan sy afrigter, Mnr. Barry Richter.

# ALLISON MARÉ VERRAS GUNSTELINGE

**Woensdag-aand 8 Maart sal onthou word as die tweestryd tussen Hombré en Over de Voor tydens die Puk Atletiek kampioenskappe op die Park Ovaal.**

Vir die fynproewer was die atletiek effens teleurstellend. Dit kan egter toegeskryf word aan die baie reën wat enkele minute voor die aanvang van die byeenkoms op die baan neergestort het.

**Allison Maré**

Nieteenstaande die reën was daar egter sprankel atletiek. Allison Marais het een van haar beste vertonings in 'n lang tyd gelewer deur drie items te wen. Dit was veral in die 100 en 200 m waar sy verras het deur onderskeidelik Vivian Louw en Petro van Rensburg te klop. Haar wentye was 12,0 sek en die 100 m en 24,8 in die 200 m.

Ongelukkig het daar niks van die tweestryd tussen Allison Maré en Petro van Rensburg gekom nie aangesien laasgenoemde gesukkel het met 'n besering.

Nollie Meintjies is een van die min atlete wat hom nie laat beïnvloed het deur die gure weer nie. Hy het gesorg vir 'n nuwe Puk rekord deur die 3000 m hindernis in 'n goeie tyd van 9:33,2 sek. te wen. Hierna het hy ook die 5000 m in 'n goeie tyd van 15:40,0 sek gewen. Die feit dat hy alleen voor moes gehardloop het, het sy prestasie vergroot.

Amanda Uys het in die 800 m teleurgestel. Hier het Alta Stander, die huidige Suid-Afrikaanse kampioene, baie maklik gewen. Sy sou egter graag 'n beter tyd as 2:13,2 sek wou aanteken. Louis Liebenberg het die mans middelafstande oorheers deur beide die 800 en 1500 m te wen.

Piet Goosen het die trofeë vir die beste atleet verdien. Sy afstand van 58,00 m in die werpskyf is 'n nuwe P.U. rekord. Org Dannhauser het met sy afstand van 42,34 m in die mans onder 19 skyfwerp, 730 punte op die jongste gedifferensieerde Evaluasietabel vir juniors verwerf.

Sewe Puk rekords is tydens die byeenkoms geslaan. Dit is die:

300 m hindernis – Nollie Meintjies – 9:33,2 sek.

Mans skyfwerp – Piet Goosen – 58,00 m.

Dames spiesgooi – E Robbertse – 47,70 m.

Dames 400 m hekkies – L Smit – 62,8 sek.

Mans Paalspring – E Wiehahn – 4,70 m.

Mans 400 m hekkies – T Ferreira – 53,1 sek.

Mans O/19 Skyfwerp – O Dannhauser 42,34 m.

Die koshuise het as volg geëindig:

**MANS**

| | |
|---|---|
| Hombré | 119 |
| Over de Voor | 98 |
| Caput | 87 |
| Oppikant | 75 |
| Klooster en Amajuba | 57 |
| Villagers | 51 |
| Dawie Dup | 47 |
| Vaaldriehoek | 24 |
| Drakenstein | 24 |

**DAMES**

| | |
|---|---|
| Karlien | 73 |
| Wanda | 46 |
| Kasteel | 32 |
| Oosterhof | 29 |
| Dorp | 28 |
| Klawerhof | 24 |
| Wag-'n-bietjie | 14 |
| Vergeet-my-nie | 8 |
| Heide | 7 |
| Kulu | 2 |
| Vaaldriehoek | 2 |

## Sportkorrels

**deur die Sportredakteur**

# Karnaval '78

**Wat van so 'n blitsige post mortem?**

**Ten spyte van 'n ongewenste voorvalletjie hier-en-daar was die afgelope karnaval tog heel aangenaam. Daar was 'n hele paar treffende reklamesette, soos byvoorbeeld die "dooie man" voor Heidema en die "Evil Knievel" van Bill Swart Ovaal. Die Supa- en Mooirivierspele was 'n groot sukses – wie wil stry? Vanjaar het die PUK nog boonop die mooiste Mooiriviernooi in die wêreld – Anneline Kriel. Amper vergeet ek van die paar dramatiese trapkarongelukke en Kallie Knoetze se "paslike" deelnemerscredo – tipies hy.**

Tog was daar deurentyd iets kriewelrigs, en dit was die PUKKE se louwarm gees. Dit is duidelik weerspieël in die intervarsity met WITS. Daardie "souties" het darem vir 'n paar behoude oomblikke gesorg, maar gedurende die laaste 20 minute het die PUKKE weer soos die "springbokke" van verlede jaar gespeel.

'n Mens kan heelwat grondige verskonings uitdink vir die ietwat rustige gees, maar dink net, die PUKKE kon baie meer van die afgelope intervarsity gemaak het. Ons gaan dit begrawe en voluit gaan vir die RAU-intervarsity – dan dink ons nie eens aan die KOVSIES nie.

Daar is darem nog heelwat om voor dankbaar te wees. Die PUKKE was glad nie eens aangeslaan in vergeleke met die WITSIES nie, net so 'n vrolike PUK hier-en-daar. Maar daar is heelwat huisskoon te make aan ons gees voordat ons nog 'n intervarsity kan aanpak. Ons gaan slaag, want ons gaan voluit, van nou af. Dankie PUKKE, vir 'n mooi karnaval.



*Nollie Meintjies op pad na sy PUK-rekord in die 300 m hindernis. (Foto: Paul Slot).*


GEBRUIKTE MOTORS

A-1

WAARDE-en-DIENS

| | PRYS | DEP. |
|---|---|---|
| 1975 PEUGEOT 404 | R2700.00 | R675.00 |
| 1975 AUSTIN MARINA | R2300.00 | R575.00 |
| 1975 AUDI 100 L | R3200.00 | R800.00 |
| 1975 CORTINA 2.5 L A/T | ³3100.00 | R775.00 |
| 1975 GRANADA XL A/T met lugreëlaar en kragstuur | R3650.00 | R915.00 |
| 1975 TOYOTA 2000 MK II | R3400.00 | R850.00 |
| 1976 GRANADA GL Koepee | R4400.00 | R1100.00 |
| 1976 DATSUN 300 c D1 | R4800.00 | R1200.00 |
| 1977 AUDI 100 LS | R5250.00 | R1313.00 |
| 1977 AUDI SE A/T 14000 Km | R7950.00 | R1990.00 |
| 1978 TOYOTA 1200 LAW | R2650.00 | R883.00 |

TERME GEREËL
INRUILINGS AANVAAR

Daly Ford

69 Kerk str. 69
TEL. 8891
Potchefstroom.